DIE KOMMISSIE HERVAT OP 15 MEI 1990 OM 10H00.

DANIëL FERDINAND DU TOIT BURGER, nog steeds onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Hoe het dit gebeur dat u vir die BSB gewerf is of by die BSB aangesluit het. Vertel ons 'n bietjie? -- Ek het 1 Junie 1988 het ek by die BSB aangesluit en by die polisie bedank.

Ja-nee, maar wat ek vir u gevra het is om vir ons so 'n bietjie van u agtergrond te vertel. Hoe het dit gekom dat u by, wat ek aanvaar u as 'n elite-eenheid soos die BSB sal beskou, uitgekom? Hoe het die kontak ontstaan? -- Ek ken die besturende direkteur, mnr. Joe Verster.

Is dit korrek dat u en mnr. Joe Verster mekaar al baie lank ken? -- Korrek.

Trouens u, as ek dit nie mis het nie, stam albei van Zeerust af. Is dit reg? -- Ek is van Zeerust.

En hy ook? -- Nee.

Hoe lank ken u hom al? -- Ek het hom geken in ons prille jeug tot ongeveer 1961 en daar het ons bande gebreek en toe later weer opgetel.

Goed en u het hom weer ontmoet terwyl u nou by Brixton se moord en roof afdeling was nie waar nie? -- Dit is reg.

Moord en rooftak was en hy was op daardie stadium reeds betrokke by die BSB of dan by sy voorganger Barnikel. Is dit reg? -- Ek sal nie kan sê waar hy betrokke was nie.

Of by Spesmagte? -- By Spesmagte, ja.

By Spesmagte en in daardie jare is dit reg dat u mekaar van tyd tot tyd gesien het? -- Ek kan my slegs herinner aan een of twee geleenthede.

Ek sien. Het u by daardie geleenthede inligting uitgeruil oor die werk wat u doen, probleme wat u ondervind?

-- Nee/...

-- Nee.

Nie, goed.

MR __________: Sorry Mr Chairman, once again could the witness speak up it is impossible to hear him. -- Ek sal harder praat.

MNR. BERTELSMANN: Nou toe 1 Junie 1988 nou nader kom wie het vir wie genader? Het u vir mnr. Verster genader of het hy vir u genader? -- Ek het hom genader.

U het hom genader. Het u op daardie stadium kennis gedra van die feit dat hy betrokke is by die organisasie BSB? -- Nee.

Wat was die terme waarop u hom genader het? -- Ek was op daardie stadium was daar 'n ongelukkigheid omtrent my huidige situasie in die mag en ek het oorweeg, ek het verskillende opsies oorweeg om van beroep te verander.

En wat het mnr. Verster en u oor die aard van u potensiële werk wat u sou doen as u nou van die polisie na die weermag toe sou gaan onder sy bevel, wat het u daaroor bespreek? -- Nee, ek het net geweet dat Spesmagte 'n elite-eenheid van die weermag is en dat my belangstelling in daardie rigting ook sterk was en ek het van hom verneem wat is die moontlikhede om daarby aan te sluit.

Is daar enigiets ten opsigte van die doel, die funksionering, die opset van die BSB met u bespreek voordat u inderdaad in BSB se diens getree het? -- Nee.

U het, toe u op 1 Junie 1988 na die weermag toe gegaan het was u onder die indruk u gaan na Spesmagte toe? -- Dit is korrek.

En in watter hoedanigheid het u gereken sou u by Spesmagte betrokke raak? -- Dit was eers na onderhandeling met hom wat ek verneem het wat my posisie sal wees.

Maar/...



Maar toe u nou na Spesmagte toe gaan, het ek dit reg of het

ek dit nie reg nie dat u met ingang 1 Junie 1988 reeds in diens van Matthysen Busvervoer was? -- Nee, ons het kort daarna amptelik by Matthysen Busvervoer begin.

Ek sien, maar is Matthysen Busvervoer genoem voor 1 Junie 1988? -- Ja.

Goed, met ander woorde u het geweet toe u nou van diens verander dat u inderdaad in 'n koverte organisasie betrokke sou raak. Is dit reg? -- Nee, ek het nie op daardie stadium geweet tussen klandistien en kovert, wat die verskil was nie, maar die ontkoppelingsperiode van een staatsdepartement na 'n ander staatsdepartement verg gewoonlik 'n ses maande ontkop-pelingstydperk.

Ja, maar u was reeds in diens van die nuwe staatsdeparte-ment, naamlik die Suid-Afrikaanse Weermag? -- 1 Junie, ja.

Op 1 Junie, goed en op 1 Junie het u reeds geweet u gaan nie in uniform by Voortrekkerhoogte in die weermag diens doen nie? -- Dit is reg.

U het geweet u gaan in 'n instansie waar u ware identiteit verskuil moet word, werk. Is dit reg? -- Ek sal dit nie so stel nie. Ek het op daardie stadium nie geweet hoe BSB deel van Spesmagte vorm nie.

Maar wat ek probeer vasstel is, het u enigsins voor 1 Junie 1988 'n idee gehad van wat van u by die BSB verwag sou word? -- Nee.

Is dit korrek dat u nie alleen na die weermag toe gegaan het nie? -- Dit is reg.

Saam met u het drie ander polisiebeamptes ook van Brixton moord en roof na die weermag toe gegaan. Is dit reg?-- Dit is reg.

En/...

En is dit reg dat dit mnre. Slang van Zyl, Calla Botha en Chappie Maree was? -- Dit is reg.

Was dit met mnr. Verster voor 1 Junie 1988 bespreek?-- Ja.

En was dit bespreek dat u in 'n groep na die BSB toe sou gaan? -- Na Spesmagte toe ja.

Na Spesmagte toe en was dit bespreek en duidelik dat mnre. Botha, Maree en Van Zyl saam met u 'n baie intieme groep gevorm het? -- Nee, 'n intieme groep nie. Ons het 'n goeie werksverstandhouding gehad.

U sien die getuienis van mnr. Van Zyl was dat u hom inderdaad as't ware gewerf het vir die BSB. Is dit reg? -- Ek het die opsie aan hom gestel en hy het dit aanvaar.

Ja, so met ander woorde u het hom gewerf? -- U kan dit so stel, ja.

Het u Chappie Maree op soortelyke wyse gewerf? -- Ja.

En het u Calla Botha op soorgelyke wyse gewerf? -- Ja.

So met ander woorde was dit dan reg dat, is ek reg met my afleiding, dat u en mnr. Verster bespreek het, beplan het dat u as 'n geslote groep by Spesmagte soos u sê, sou aansluit? -- Ja, dit was so bespreek gewees.

Goed. Met ander woorde die plan was reeds voor 1 Junie 1988, aanvaar ek, help my as my afleiding verkeerd is dat u en die ander drie here in Spesmagte 'n gesamentlike spanpoging sou aanwend. Is dit reg? -- Ja, u stel dit aan my asof ek op daardie stadium al bewus was van die BSB en die selformasies. Ek was nie. Ons sou as 'n groep na Spesmagte toe gaan.

Ja en u het ook geweet u gaan as 'n groep by Spesmagte werk. Is dit reg? -- Wel, ek sou nie kon sê op daardie stadium of daar 'n verdeling sou plaasgevind het nie, maar ons

sou/...

sou saam na Spesmagte toe gaan.

Goed, u was 'n groep gewees wat na Matthysen Busvervoer toe gegaan het nie waar nie? -- Dit is reg.

Al vier van u? -- Dit is korrek.

Nou mnr. Burger, dit is korrek, is dit nie, dat in die - terloops hoeveel jaar was u hoof van moord en roof, Brixton, gewees? --Ongeveer 'n jaar, bietjie meer as 'n jaar.

Hoe lank was u by Brixton moord en roof gewees? -- Ongeveer 15 jaar.

Ongeveer 15 jaar om en by van 1975 af, nie waar nie? -- Dit is reg.

En dit is so, is dit nie mnr. Burger dat in die laaste jare voordat u uit die diens van die Suid-Afrikaanse Polisie getree het, het daar in 'n toenemende mate in die pers en in die howe kommentaar oor die metodes wat moord en roof in die ondersoek van misdade toepas, verskyn. Is dit nie so nie? -- Ek dink dit is alombekend dat daardie tipe berigte al sedert ek op Brixton moord en roof gekom het was daar al hierdie selfde tipe berigte en aantygings gemaak.

Wel is dit so ...?

VOORSITTER: Wat is die punt mnr. Bertelsmann? Wat het dit met my uit te waai?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter dit is relevant ten opsigte van die siening wat BSB gehad het ten opsigte van die personeel wat hulle gewerf het en die doel waarvoor hulle die personeel gewerf het, met respek.

Ek wil nie in groot detail daarop ingaan nie, maar dit is duidelik is dit nie, dat in 1989, in die begin van 1989 het byvoorbeeld landdros Visagie ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ag mnr. Bertelsmann, u gaan dit nie aan die

getuie/...

getuie stel nie. U het u punt gemaak.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Ek aanvaar .... (tussenbei)

VOORSITTER: Dan moet ek elkeen van daardie sake apart ondersoek om uit te vind of die kommentaar billik was.

MNR. BERTELSMANN: Ja, mnr. die Voorsitter, met respek, nee dit sou nie nodig wees nie.

VOORSITTER: Die getuie het mos gesê daar was kritiek gewees vandat hy daar gekom het, hy het dit mos erken.

MNR. BERTELSMANN: En ons kan aanvaar mnr. Burger, is dit nie, dat mnr. Verster van die openbare kommentaar, van die kritiek bewus was? -- U moet dit vir hom vra.

Nadat u nou in Juniemaand 1988 by die BSB aangesluit het of by Spesiale Magte, soos u sê, aangesluit het mnr. Burger, wanneer is daar nou aan u en aan u kollegas groter helderheid oor die nuwe sfeer waarin u uself nou bevind, verskaf? -- Ek, tydens ons induksiekursus in Januarie.

Nou van Junie 1988 tot en met Januarie 1989 het u enigiets, enige funksies vervul, enigiets gedoen wat met Spes-magte of die BSB of hule take as sodanig iets te doen gehad het? -- Daar was net op 'n stadium vir ons gesê dat terwyl ons in ons laaglê perioe was by Matthysen Busvervoer dat ons ons ou kontakte en uit ons vorige milieu moet begin opskerp en kyk na nuwe netwerke.

Na nuwe netwerke? -- Inligtingsnetwerke.

Inligtingsnetwerke, goed. Met ander woorde is daar vir u verduidelik waarvoor u hierdie netwerke sou nodig hê? -- Oorhoofs net gesê dit moet gemik wees teen geïdentifiseerde vyande van die land.

Ek volg. Wie het dit vir u gesê? -- Mnr. Verster.

Net/...

Net mnr. Verster? -- Ja.

Is daar enigiets spesifieks vir u gesê op daardie stadium oor hoe die vyand spesifiek benader sou moes word, wat die BSB se funksie in daardie verband sou wees of is? -- Daar is net in breë trekke aan ons gestel dat ons wel op 'n kursus sal gaan waar sekee noodsaaklike faktore met ons bespreek sal word, maar ons kon intussen, kon ons kyk na nuwe inligtings-netwerke.

Goed en het u ooit met generaal Joubert gepraat in daar-die tydperk? -- Ja.

Het hy vir u verduidelik wat die BSB se funksie sou wees? -- Nee, hy het nie die funksies aan ons uitgespel nie, hy het ons net uitgevra dat ons die ses maande periode, die ontkop-pelingstydperk net moet rustig wees en nie daadwerklik aan - aktief deelneem aan die inligtingsgemeenskap se doelstellinge nie.

Maar die inligting wat u dan sou moes insamel, die netwerk wat u sou moes opbou, sou 'n binnelandse netwerk wees, want u moes u ou kontakte opskerp het u gesê. Is dit reg? -- Ons sou van hulle gebruik het, ja.

Goed, nou wanneer sê u het u toe uiteindelik op die in-duksiekursus gegaan? -- Sover ek kan onthou was dit in Januariemaand.

1989? -- Dit is reg.

Het u op daardie stadium geweet dat die BSB 'n buite-landse rol speel? -- Ja.

Het u geweet dat die BSB in die buiteland hom daarop toelê om, soos u dit gestel het, sekere geïdentifiseerde vyande van die land maksimaal te ontwrig? -- Ja.

En u het ook geweet wat is die terminologie "maksimale"

of/...

of die term "maksimale ontwrigting" beteken, nie waar nie? -- Ja.

So u was dus bewus daarvan dat die BSB hom toelê op on-konvensionele oorlogvoering teen vyande van die Republiek van Suid-Afrika in die buiteland wat onder andere behels dat so-danige vyande geëlimineer word. Is dit korrek? -- U stel dit asof dit die enigste ontwrigtingsmoontlikheid is.

Nee, ek het gesê onder andere? -- Onder andere.

Onder andere. -- Daar is sulke moontlikhede.

Goed, nou tydens u induksiekursus wat is daar ten opsigte van u funksie wat nou in die binneland doening sou wees aan u gestel? -- Mnr. die Voorsitter op daardie stadium het ek, het ons maar begin met ons aktiwiteite en dit is prosedure by die organisasie dat daar nie net 'n een-kursus opleiding verskaf word nie. Daar is verskeie kursusse wat veral die streekbe-stuurder en dan ook nuwe hanteerders moet deurgaan voordat hulle ten volle opgeneem word in die binnekring en op daardie stadium het ons die administratiewe funksies, ons het van die personeel en finansiële planne begin verneem en ook die doel van die organisasie en dan ook dat as streekbestuurder ek 'n sekere finansiële begroting sou hanteer.

Wel spesifiek die doelstellings van die organisasie. Ons weet nou dat u reeds voor u induksie aangesê is om binnelands op te tree. Is dit korrek? -- Binnelands op te tree in die sin van spesialisinligting insamel met betrekking tot die vyande van die Republiek van Suid-Afrika en dan moontlike op-tredes teen sodanige vyande in die buiteland uit te voer.

Nou dit is duidelik uit al die getuienis voor die Kommissie tot dusver en ook uit u beëdigde verklaring waarin u sekere gedeeltes van mnr. Brits se beëdigde verklaring inlyf

dat/...

dat die funksies van die BSB binnelands nie beperk was tot die insameling van inligting nie, nie waar nie? -- Oor daardie uitsonderlike gevalle soos genoem in die paragraaf en wat ook in die paragraaf gekwalifiseer word is ek nie bereid om vrae op te antwoord nie.

Nee, dit is so, ek neem kennis. Die punt is net wanneer het u bewus geword daarvan dat die funksie - verskoning mnr. die Voorsitter?

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann die getuie het gesê hy wil nie daardie tipe vrae antwoord nie. Moet ek hom elke keer op sy reg wys dat hy nie daardie soort vraag hoef te antwoord nie? U sal my verplig om dit te doen.

MNR. BERTELSMANN: Maar mnr. die Voorsitter, ek is op hierdie stadium glad nie ... (tussenbei)

VOORSITTER: Met ander woorde die feit dat hulle met uitson-deringsgevalle binnelands doenig was het die getuie gesê ons kan hom moontlik inkrimineer. Nou as u nou vir hom vra wanneer het hy bewus geword dat hy dit dan doen, dan begin hy homself van daardie oomblik af inkrimineer.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Ek voel ek het nie die wet geskryf nie, as ek hom geskryf het, het ek hom miskien anders geskryf, maar ek sit met die bepaling.

MNR. BERTELSMANN: Ek besef die posisie mnr. die Voorsitter en ek sal probeer vordering maak sonder om ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek weet dit is'n baie moeilike taak.

MNR. BERTELSMANN: Ek waardeer u opmerking mnr. die Voorsitter.

Mnr. Burger, die vyande van die Republiek van Suid-Afrika, toe u nou by die Spesiale Magte aansluit, aanvaar ek dat u die stelling wat mnr. Verster gemaak het en waaarna u

ook/...

ook in u eie beëdigde verklaring verwys, onderskryf het, naamlik: Die vyande van die Republiek van Suid-Afrika buitelands is die militêre vleuel van die ANC, dit is die PAC, dit is die Suid-Afrikaanse Kommuniste party en Swapo. Is dit reg? -- Onder andere, ja.

Onder andere, ja, goed en dit is met daardie siening waarmee u na Spesmagte gekom het en na die BSB nie waar nie? -- Dit is reg.

Nou die vyande van Suid-Afrika is trouens deur mnr. Verster in 'n verklaring wat hy in 'n vraag en antwoord juis op 2 Februarie 1990 gemaak het in hierdie terme uiteengesit, nie waar nie? U is bewus daarvan? -- Ek het nie daardie ver-klaring nie.

Goed, maar in elk geval u stem daarmee saam. Nou u funksie oorgesit, oorgeplaas, getransponeer na die binnelandse werk van die BSB, die militêre vleuel van die ANC, die PAC en die Kommunistiese Party en Swapo, was daar ander organisasies, persone, liggame binnelands wat as vyandelike teikens, as vyande van die Republiek geïdentifiseer is? -- Ek dink die af-kondiging in die staatskoerante het sekere verbiedinge, 'n verbod geplaas op sekere organisasies en van hulle was dan op gekonsentreer gewees.

Kom ons raak 'n bietjie meer spesifiek. Wie het in die eerste instansie vyande vir u binnelands gedefinieer? Wie was verantwoordelik om vir die binnelandse sel van die BSB vyande te identifiseer? -- Wat aan ons gestel was, was die SAKP, ANC-alliansie, PAC, UDF en frontorganisasies, maar ... (tussenbei)

Ekskuus, jammer dat ek u onderbreek, wie het daardie stelling aan u gemaak? -- Dit was by die induksiekursus aan ons gegee.

Wie/...

Wie was verantwoordelik vir u opleiding by die induksie-kursus? -- Verantwoordelik, die besturende direkteur.

Goed. Met ander woorde die besturende direkteur het vir u in Januarie 1989 geïdentifiseer dat die UDF (United Democratic Front) is deel van die vyandelike struktuur waarop die BSB moet konsentreer. Is dit reg? -- Dit is reg.

Goed, is daar ....? -- Onder andere.

Is daar enige ander frontorganisasies wat by name genoem is tydens die induksiekursus? -- Ek kan nie onthou nie.

Is daar ander liggame en instansies genoem behalwe nou die UDF? -- Ek kan nie op daardie stadium, op daardie stadium kan ek nie onthou nie.

Daar is byvoorbeeld in die getuienis van mnr. Brits, melding gemaak van vakbonde? -- Ja.

Is vakbonde tydens die induksiekursus as vyande van die Republiek van Suid-Afrika uitgewys? -- Ek kan nie onthou of dit by die kursus gegee was nie.

Was dit op 'n later stadium moontlik? -- Ja.

Hulle is in elk geval as vyande van die Republiek van Suid-Afrika beskou? -- Nie al die vakbonde en vakunies nie, want 'n mens sal nie kan bepaal waar die vyand geïnfiltreer het indien u dit nie ondersoek nie.

Goed, maar kom ons kyk 'n bietjie mnr. Burger, was Cosatu uit u oogpunt 'n frontorganisasie? -- Ek het hom laat ondersoek.

Met ander woorde u het hom verdink daarvan dat hy 'n vyand van die Republiek van Suid-Afrika is? -- Individue.

Individue? -- Binne-in, ja.

Wie spesifiek? -- Nee, ons het nog gewag dat daardie in-ligting moet uitkom.

Wel/...

Wel, is mense soos byvoorbeeld mnr. Ramapoosa ondersoek? -- Ek het verneem mnr. Brits het so getuig, maar ek kan dit nie spesifiek onthou nie.

Kerkverenigings? -- Nee, ek het nie - ek was nie bewus dat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke ondersoek was nie.

Is hy inderdaad ondersoek? -- Ek dra nie kennis nie.

J. Naidoo, was hy een van die persone wat ondersoek was? -- Nie deur my streek nie.

Nie deur u streek nie, maar hy is wel ondersoek? -- Ek weet nie.

Nou as 'n mens kyk na wat mnr. Verster vir ons sê wie nog alles ondersoek is dan weet ons byvoorbeeld Bruce White, nie waar nie? -- Dit is reg.

Gavin Evans. Van Gavin Evans dra u ook kennis uit die aard van die saak, mnr. Omar, Daniël Songarero nie waar nie? Is dit reg? -- Ek dra nie kennis van Daniël Songarero nie.

Goed, waarom is Bruce White nou ondersoek? -- Hy is beskou as 'n aktivis.

Waar by watter organisasie? -- Die inligting was dat hy ECC en UDF konnotasies gehad het.

Goed met ander woorde in die terme van of die skaal van vyandelikheid teenoor die Republiek van Suid-Afrika, soos die BSB dit in Januarie 1989 sien en ook in Februarie 1990 volgens die verklaring van mnr. Verster is lidmaatskap van die End Conscription Campaign, 'n aanduiding dat die individu 'n vyand van die Republiek van Suid-Afrika is? -- Nee.

Wel hoekom sê u dan hy is 'n lid van die ECC. Dit is die rede waarom ons in hom belangstel? -- Dit was voor 2 Februarie gewees wat ek van praat.

Ja-nee, maar ek verwys na mnr. Verster se verklaring.

-- Ek/...

-- Ek weet nie wat in sy verklaring staan nie.

Goed, in Januarie 1989 soos u daarna gekyk het was die End Conscription Campaign 'n organisasie wat ondersoek moes word. Is dit reg? -- Ja.

En ek aanvaar dat ander organisasies wat moontlik dieselfde politieke oriëntasie het of miskien ook in mense-regte belangstel of menseregte bevorder ook in die dampkring van vyandelikheid teenoor die Republiek van Suid-Afrika ge-plaas sou kan word? -- Nee.

Kom ons kyk na ander organisasies. Die Five Freedoms Forum, is dit gemonitor? -- Nie die organisasie as sulks nie, maar moontlik individue in die organisasie.

Individue in die organisasie wat as gevolg van hulle lid-maatskap in daardie organisasie die etiket gekry het dat hulle aktiviste is? -- Nee.

Nou hoekom word 'n persoon as hy lid is van sê nou maar die End Conscription Campaign gemonitor en as 'n aktivis be-skryf? -- Dit is waarom ons spesialisinligting rondom die individue probeer kry het, want nie alle lede wat ingeskrewe lede van hierdie organisasies is, is altyd vir die doelstel-ling van daardie organisasie daar nie. Hy het ook sy verskuilde motiewe en dit moet uitgelig word en geëvalueer word.

Nou wie, wat moet 'n persoon doen voordat hy kwalifiseer as 'n aktivis mnr. Burger? -- Ons versamel alleenlik die in-ligting, ons gee dit aan die kanaal en dit word later aan ons bevestig.

Nou wie is die kanaal wat dit bevestig mnr. Burger?-- Ek dra dit oor aan die besturende direkteur en dan is daar neer-gelegde kanale wat ek nie toegang tot het nie.

Verskoning/...

Verskoning, dan is daar ...? -- Neergelegde kanale wat die besturende direkteur gebruik om te kwalifiseer.

VOORSITTER: Hy sê hy het nie toegang daartoe nie.

MNR. BERTELSMANN: Nou weet u wie hierdie neergelegde kanale is?

VOORSITTER: Hy sê hy het nie toegang daartoe nie, hy weet nie? -- Ek weet nie.

MNR. BERTELSMANN: Met respek mnr. die Voorsitter, daar mag 'n verskil tussen die twee wees. Mnr. Burger weet u wie, benewens die voorsitter of die besturende direkteur hierdie inligting wat aangegee is ondersoek het? -- Nee.

Wie het besluit welke persone gemonitor en ondersoek sou word? -- Ons het van tyd tot tyd opdragte van die besturende direkteur gekry en ons het ook op eie inisiatief ons eie grondwerk en verkenning gedoen.

So met ander woorde ons het dan die situasie dat tydens die induksiekursus word daar 'n breë raamwerk van organisasies wat ons maar losweg kan bestempel, almal aan die linkerkant van die politieke spektrum staan aan u geïdentifiseer as synde vyande van die Republiek van Suid-Afrika of organisasies waar-binne 'n mens vyande van die Republiek van Suid-Afrika sal aantref. Is dit reg? -- Ek kan nie daarop ja antwoord nie, want ons taak was gewees om dit te kwalifiseer.

U is in die funksie om ondersoeke te doen gerig in die rigting van die End Conscription Campaign, Five Freedoms Forum en soortgelyke organisasies, korrek? -- Dit is reg.

En in u getuienis tot dusver en in al die aanduidings wat hierdie Kommissie tot op hierdie stadium het is dit duidelik dat die BSB in die werk wat hy gedoen het homself op sulke organisasies en persone binne sulke organisasies gekonsentreer

het/...

het. Is dit reg? -- Ja.

Wie was verantwoordelik daarvoor om individue in sulke organisasies uit te lig vir verdere ondersoek? -- Ek het so pas aan u gestel dat in sommige gevalle is die identiteite van die persone aan ons verskaf en in ander gevalle het ons self persone identifiseer en die inligting rondom hom probeer vas-stel.

Met ander woorde wat u sê is 'n gewone lid van die BSB kon, indien daar vir hom gesê is hier is 'n vermoede dat in die End Conscription Campaign persone is wat vyande van die Republiek van Suid-Afrika is, op sy eie verder gaan om lede van die ECC te ondersoek? -- Ondersoek in die sin van om in-ligting, spesialis inligting rondom hom vas te stel.

Ja. Nou sulke opdragte kon dan ook, soos u sê, van die voorsitter aan u gegee word, nie waar nie? Deur die voor-sitter aan u gegee word en die besturende direkteur? -- Die besturende direkteur, ja.

Die besturende direkteur. Het u ooit 'n opdrag van die voorsitter ontvang? -- Nie persoonlik nie.

As dit van die voorsitter is, met ander woorde dit is net aan u gestel dit kom van die voorsitter af? -- Dit is korrek.

En deur wie is dit so aan u gestel? -- Die besturende direkteur.

Was dit u enigste kanaal? -- Ja.

Nou mnr. Burger wanneer het u, benewens u binnelandse funksie ook'n buitelandse funksie begin ontwikkel, begin doen, vervul? -- Wel dit is deel van my eerste opdragte gewees om van binne na buite te werk.

En is dit so dat u in daardie verband onder andere in Julie 1989 opdrag ontvang het om in Namibië aktief te word?

-- In/...

-- In Julie 1989. Ek kan nie presies die maand onthou nie, maar dit is moontlik.

En van wie het u daardie opdrag ontvang? -- Van die be-sturende direkteur.

En dit was 'n buitelandse opdrag met ander woorde, dit was 'n opdrag wat op die verlenging gelê het, daarvan dat die vyande van die republiek, buite die Republiek van Suid-Afrika maksimaal ontwrig moet word nie waar nie? -- Ek weet nie waar-op hierdie vraag en die antwoorde afstuur nie, maar indien dit gaan oor die monitering van bussies met die doel om, van BSB doel om inligting te kry oor die intimidasie wat Swapo toegepas het en die berging van wapens, is ek bereid om die vraag te antwoord. Dan is dit soos ek nou vir u antwoord, maar as daar 'n ander doel agter die vraag is, is ek nie bereid om die vraag verder te antwoord nie.

Ek volg. Nou sê vir my mnr. Burger waarom is u nie bereid om 'n vraag met 'n ander doel te beantwoord nie? -- Want ek dink dit is buite die raamwerk van die Kommissie.

Nou sê vir my is ek reg met my stelling aan u dat Swapo as 'n vyand van die Republiek van Suid-Afrika deur die BSB beskou is?

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann. Dit is mos nou klaar, wat het daar gestaan in die stuk? Is daar nie 'n beëdigde verklaring wat daaroor handel nie?

MNR. BERTELSMANN: Maar met respek mnr. die Voorsitter, dit is die ... (tussenbei)

VOORSITTER: Is Swapo 'n binnelanse organisasie?

MNR. BERTELSMANN: Nee mnr. die Voorsitter, maar nou kom ons in dieselfde rigting, op dieselfde punt wat gister geopper is en met respek ek volhard met die submissie wat ek gister aan

u/...

u gemaak het.

VOORSITTER: Ek volhard met my reëling.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, verstaan ek u reëling reg, mag ek geen vrae stel ten opsigte van die politieke oriëntering van die optrede ten opsigte van Swapo nie?

VOORSITTER: Nee, tensy u vir my 'n geweldsmisdaad aandui wat in hierdie land gepleeg is. Ek het hoegenaamd geen belang-stelling in die BSB se politieke oriëntering nie. Ek weet nie, staan dit in my opdrag dat ek moet kyk na hulle politieke oriëntering?

MNR. BERTELSMANN: Nee, maar daar is, die opdrag is met respek dat geweldsmisdade met 'n politieke motief ondersoek moet word.

VOORSITTER: Nee, wat 'n staatkundige politieke oogmerk in die Republiek van Suid-Afrika te bereik teweeg te bring.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter kom ons, met respek, veronderstel vir een enkele oomblik dat wat ten opsigte van die Namibiese optrede van die BSB gebeur het, inderdaad in stryd was met die oogmerke van die regering.

VOORSITTER: Ja.

MNR. BERTELSMANN: Dan was dit 'n direkte of 'n indirekte of kon dit 'n direkte of indirekte optrede gewees het om die posisie van die regering en waarmee hy besig was binnelands te ondergrawe en te ondermyn, ek noem dit net as 'n voorbeeld.

VOORSITTER: Nee, maar ek gee nie om of die BSB die regering ondergrawe het en of hy op 'n klandistiene manier die regering se opdragte uitgevoer het nie. Ek wil net weet of hulle misdrywe gepleeg het.

MNR. BERTELSMANN: Ja-nee, maar met respek, die oriëntasie van daardie misdrywe, naamlik om 'n staatkundige of politieke

oogmerk/...



oogmerk te bereik is deel van u funksie en mnr. die Voorsitter,

met alle respek, u kan nie bevind wat die staat-kundige of politieke oogmerk, indien enige, was tensy u kan bevind wat die politieke oortuiging van die persone wat daarby betrokke was, was nie en die organisasie en as sodanig nie en as 'n mens nou in gedagte hou daar is nou die posisie dat sekere optredes nie verder ondersoek kan word nie, maar betoog sou dan seker geopper kan word dat daardie optredes ook 'n politieke motief of 'n politieke kleur gehad het en dat daardie optredes veroorsaak is of aangepak is met die oog om 'n politieke of staatkundige resultaat tot gevolg te hê. Dan is die optrede op ander terreine waaruit daardie politieke motief mag blyk tog seer sekerlik relevant en daarom mnr. die Voorsitter, alhoewel wat spesifiek in Suidwes of in Namibië gebeur het dit val buitekant u opdrag en ek stem saam die detail van enige optrede in Namibië is nie vir die doeleindes van hierdie lyn van ondervraging relevant nie, maar hoekom daardie optrede hoegenaamd plaasgevind het, dit is relevant en met respek, daaroor kan ek vrae stel.

VOORSITTER: Nee, my probleem is dan weet ek nie waar die einde van die vrae is nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar mnr. die Voorsitter solank as wat ... (tussenbei)

VOORSITTER: Kom ons aanvaar vir 'n oomblik dat argumentsont-halwe die BSB in Ethiopië een of ander projek aan die gang gehad het, dan kan u mos nou vra wat die politieke motivering daar agter was.

MNR. BERTELSMANN: Maar mnr. die Voorsitter as feite daaromtrent beskikbaar was?

VOORSITTER: Nee, maar u kan mos nou daarby begin deur te vra

het/...



het julle 'n projek in Ethiopië gehad en dan sê die getuie, ja. Goed, dan vind u eers uit waaroor gaan die projek en dan op die

ou einde dan vind u nou uit wat was die politieke oriëntasie daaragter. Was dit in ooreenstemming met die regering se beleid of was dit nie in ooreenstemming met die regering se beleid nie.

MNR. BERTELSMANN: Nee, maar met respek, daar is een kardinale verskil tussen die voorbeeld wat u aan my stel en die praktiese voorbeeld waarmee ons op hierdie stadium besig is. U stel aan my die voorbeeld dat projekte wat nog nie bekend is nie op dié wyse ontbloot sou kon word. Dit is nie die posisie waarmee ons hier te doen het nie. Seer sekerlik as ons nou sou poog om ander projekte uit te vind wat nou buitekant die raamwerk van u opdrag val, dan sou die beswaar wat u opper met respek, heeltemal reg wees.

VOORSITTER: Ja, maar watter projek wil u nou vrae oor vra?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter dit is nou reeds uit die getuienis duidelik dat die BSB in Juliemaand 1989 in Namibië bedrywig geraak het. Ons weet ook en daardie getuienis is tans voor u, dit is gister voor u geplaas en deur hierdie getuie voor u geplaas dat Swapo deur die BSB beskou is as 'n vyan van die Republiek van Suid-Afrika. Ons weet ook dat die BSB in die buiteland met sekere doelstellings opgetree het. Nou daardie feit, daardie teiken, Swapo is 'n feit wat sekere politieke implikasies het of kan hê en daardie politieke implikasies, mnr. die Voorsitter kan ons met respek ondersoek, want dit is 'n projek wat reeds of die feit dat Swapo daarby betrokke was ... (tussenbei)

VOORSITTER: Maar wat is die projek waarvan u praat?

MNR. BERTELSMANN: Dat die BSB in Namibië betrokke was en dat

Swapo/...



Swapo as 'n vyand beskou is, is reeds bekend.

VOORSITTER: Nou goed, maar waaroor wil u verdere vrae vra?

MNR. BERTELSMANN: Ek wil vrae vra oor hoekom hulle soontoe gegaan

het en dan wil ek daarvandaan af verder gaan en enkele aspekte aanraak ten opsigte van die politieke agtergrond daar-van.

VOORSITTER: Ek weet nie of ek u verstaan nie. Ons sal die vrae een vir een neem. Begin maar weer van voor af.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter, ek is u dank verskuldig. Mnr. Burger ons het dit nou uit u ge-tuienis, net om weer saam te vat, Swapo is in 1989 deur die BSB as 'n vyand van Suid-Afrika beskou, korrek? -- Wel ek sal nou nie presies kan sê op watter stadium resolusie 435 in werking getree het en begin het nie, maar daar was 'n afname aan die gevoel tussen vyand en nie-vyand.

Ek het vir u vantevore gestel, ek het dit aan u gestel dat Swapo - dat die BSB Swapo as 'n vyand van Suid-Afrika beskou? -- Ja, u het nie vir my gevra tot wanneer nie.

Wel, kom ons begin dit dan 'n bietjie nader huistoe bring: Sê u vandag, soos u nou en u is nog 'n lid van die BSB, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Soos u nou daar in die getuiebank sit, sê u nog dat Swapo 'n vyand van Suid-Afrika is? -- Nee.

Nie meer nie? -- Nee.

In die begin van laas jaar, Januarie 1989 was Swapo 'n vyand van Suid-Afrika, dit was u getuienis.

VOORSITTER: Wel ek dink 1 April was daar nog 'n daadwerklike oorlog tussen die weermag openlik en Swapo.

MNR. BERTELSMANN: Heeltemal tereg dankie mnr. die Voorsitter. Is dit reg mnr. Burger? -- Ja.

Goed/...



Goed. Nou mnr. Burger ek het vir u gesê dat op 2 Februarie 1990 u besturende direkteur 'n verklaring afgelê het teenoor die ondersoekbeampte in hierdie aangeleentheid, naamlik brigadier

Mostert, waarin hy melding maak op 2 Februarie vanjaar dat Swapo 'n vyand van die Republiek van Suid-Afrika is? -- Nou ek is nie bewus van daardie verklaring nie en hy het dit ook nie so aan my gestel nie.

Goed, nou sê vir my mnr. Burger, wanneer het u siening van Swapo as 'n vyand verander?-- Wel dit is alombekend dat die Republiek van Suid-Afrika en die veiligheidsmagte 'n belangrike rol gespeel het om die verkiesing soos uitgevoer is, ek dink in Novembermaand daar te bring en soos wat Namibië nou onafhanklik is het ons dan ook ons rol daarin gespeel, maar ons magte was tog op 'n gereedheidsbasis gewees, BSB, ek praat van BSB om tydens hierdie proses ons inlitingsgemeenskap daar te infiltreer en toe te sien dat die rol wat Swapo speel opreg en eerlik is en sonder intimidasie is en dat daar nie bedekte motiewe agter geskuil het nie.

Goed, as u sê wanneer het die BSB sy siening van Swapo as 'n vyand verander, kan u vir my 'n datum gee, 'n tydperk? -- Na die onafhanklikwording, nadat Swapo die verkiesing uit en uit daarbo gewen het.

Na hy die verkiesing gewen het. -- En die aanloop tot die verkiesing is die oorhoofse doel dat Swapo as 'n vyand gesien moet word afgeskaal in die lig van die vredesinisiatiewe wat deur die regering geopenbaar is.

Nou wie het daardie verandering in oriëntasie by die BSB bewerkstellig? -- Wel dit is opdragte wat van bo gekom het.

Wie het daardie opdragte gegee? -- Dit is deur die be-sturende direkteur aan my oorgedra, aan ons streekbestuurders.

Nou/...



Nou sê u dat daardie opdrag behels het dat u gedurende 1989 Swapo nie meer as 'n element wat maksimaal ontwrig moes word sou

beskou nie?-- Ja.

En as enige getuienis in daardie verband voor die Kommissie geplaas sou word dat dit inderdaad die oogmerk van die BSB was om Swapo met die aanloop van die verkiesing mak-simaal te ontwrig, wat sou u kommentaar daarop wees?-- Volgens my persepsie is dit dan verkeerd.

Volgens u persepsie.

VOORSITTER: Ja u sien mnr. Bertelsmann ek het gedog ons lei na niks toe nie. U kan nou maar ophou met hierdie reeks vrae dankie.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Nou ek kan miskien net ter afsluiting verwys na mnr. Van Zyl se getuienis mnr. die Voorsitter. Mnr. Burger, toe u nou by die BSB aangesluit het is daar vir u gesê dat u inligting moet versamel. Is dit reg? -- Ja.

Wat was u posisie ten aansien van ander inligtingsorgani-sasies, Nasionale Intelligensie, Militêre Intelligensie enso-voorts, die Veiligheidspolisie toe u nou in die BSB aktief word? -- Ek herhaal miskien nou wat mnr. Brits getuig het.

Ja, u het sy getuienis gehoor u was die heeltyd hier teenwoordig nie waar nie? -- Dit is reg, ja, dit is hoekom ek gesê het is dat volgens hom het die kanaal in 1988, November, afgesluit. Sy persepsie omtrent dit is korrek, maar daar is 'n goue draad na die inligtingsgemeenskap wat op die sentrale bestuur van kennis dra. Ons het dit afgeskaal sodat die koör-dineerders wat met baie hanteerders werk vir verskeie redes aan die hanteerders sê ons kry ons eie inligting, ons bou ons eie inligtingsnetwerk op wat ook waar is, maar die besturende

direkteur/...



direkteur het na die inligtingsgemeenskap 'n kanaal.

Het u self ooit met die inligtingsgemeenskap, soos u dit noem, geskakel? -- Nee.

Met ander woorde is dit deur die besturende direkteur aan u meegedeel dat hy self met die inligtingsgemeenskap skakel? -- Ja.

Is daar op 'n praktiese grondslag inligting uitgelek wat u van weet? -- Wel daar was sekere navrae oor individue gedoen en aan hom oorhandig wat hy later vir ons die inligting verskaf het rondom die betrokke individu.

Maar sê vir my wat was die BSB se siening ten aansien van die bestaande inligtingsgemeenskap? Het die BSB enige probleme gehad met Nasionale Intelligensie? -- Glad nie.

Het BSB enige probleme gehad met die kwaliteit van Militêre Intelligensie se werk? -- Nee.

Het die BSB enige probleme gehad met die veiligheids-polisie se werk? -- Nee.

Het die BSB enige probleme gehad met die Hoofstaf In-ligting se werk? -- Nee, ek sien u stuur af op 'n vraag, ek wil dit nou nie vooruit loop nie, maar u wil vir my sekerlik vra waarom BSB dan inligting versamel het.

Dit is een van die vrae wat ek u wil stel, ja. Noudat u hom self gestel het antwoord hom? -- Die spesialisinligting van BSB is omrede daaruitvoering aan take gegee word in die buiteland. Die ondervinding van die inligtingsgemeenskap wat ons gekry het is dat hulle kan vir jou 'n teiken of 'n plek identifiseer, maar die spesialisinligting wat noodsaaklik is om optredes uit te voer is nie altyd in detail daar nie en dit is die spesialis inligting. Om 'n hipotetiese voorbeeld te skep, hulle kan vir jou 'n perseel identifiseer, hulle kan vir

jou/...

jou die huisplan gee, maar hulle kan nie vir jou sê hoe breed die diefwering is, watter kant die deur oopmaak, watter voer-tuie daagliks gebruik word, die daaglikse opdatering, aktiwiteie en fasiliteite en hoe dit spesifiek lyk nie en dit is onder andere deel van die spesialisinligting wat ons ver-samel.

Verstaan ek u reg, sê u dat indien so 'n inligting nodig sou wees, sou die bestaande inligtingsorganisasies dit nie vir u kon gegee het nie? -- Dit is 'n afleiding wat u maak. Ek stel dit soos wat ek dit gesien het.

Ja-nee, maar ek vra vir u. Is daar ooit pogings aangewend?-- Ek het nie kontak met die inligtingsgemeenskap gehad nie.

Nou weet u of die BSB in die proses van inligting vergader met ander instansies geskakel het soos byvoorbeeld noem maar EVKOM, SAUK, mense gehad het in die Johannesburgse Stadsraad? -- Ek moet spekuleer as ek die vraag antwoord, nie na my kennis nie.

Nie na u kennis nie. Goed ken u self mnr. Frikkie Barnard wat betrokke was by die Johannesburgse Stadsraad? -- Ek ken hom.

Hy is 'n goeie vriend van u nie waar nie? -- Nee, hy is 'n kennis.

Is dit so, is dit korrek dat sy mense en u mense van tyd tot tyd ontmoet het, skietkompetisies gehou het? -- Dit is korrek.

Het u met mnr. Frikkie Barnard inligting uitgeruil? -- Nee.

Hoekom nie? -- Wel ek was op daardie stadium by moord en roof, Brixton gewees toe ons skietkompetisies en onder andere

krieket/...



krieket ook gespeel het, darem nie net geskiet nie en ons het dit nooit werklik noodsaaklik geag om oor landsveiligheidsin-ligting te praat op daardie stadium nie.

Nadat u by die BSB aangesluit het, het u mnr. Frikkie Barnard weer gesien? -- Ek kan nie onthou nie.

U kan nie onthou nie, goed. Nou sê vir my ...? -- Inder-waarheid, ja, ek het.

Het u weer kontak met hom gehad? -- Ja.

Het u toe oor inligtingsaangeleenthede met mekaar geskakel?-- Nee.

Nou sê vir my in die spesialisinligting wat u nou moet werf het u van tyd tot tyd verdere mense vir die BSB gewerf, is dit korrek? -- Nie as bewustelike lede nie.

Nie as bewustelike lede nie. Nou kom ons kyk na die situasie. Wat van mnr. Ferdie Barnard, is hy 'n bewustelike lid van die BSB? -- Ek weet nie.

Deur wie is mnr. Ferdie Barnard gewerf? -- Ek weet nie deur wie hy gewerf is nie, hoewel daar in die media en die pers geskryf was wat vir my nuus was.

Was u daarby betrokke gewees? -- Nee.

Mnr. Kruger? -- Ek ken hom nie.

Het u ooit met hom saamgewerk in die BSB? -- Nee.

Was u enigsins geken toe hy gewerf is?

<u>VOORSITTER</u>: Hy sê hy ken hom nie mnr. Bertelsmann, luister na die antwoord.

<u>MNR. BERTELSMANN</u>: Mnr. die Voorsitter my vraag was daarop ge-mik of hy geken is in dié proses. Daar mag 'n goeie rede be-staan daarvoor.

<u>VOORSITTER</u>: Ja, is u geken in die werwing van mnr. Kruger? -- Nee.

<u>MNR. BERTELSMANN</u>:/...



<u>MNR. BERTELSMANN</u>: Het u ooit kennis gedra daarvan dat Slang van

Zyl, mnr. Barnard gebruik het? -- Nee.

Is dit nooit aan u gerapporteer nie? -- Nooit gerappor-teer nie.

Het u geweet dat Calla Botha kontak met hom gehad het en Chappie Maree? -- Het u klaar gevra ek wil net vir mnr. Bertelsmann antwoord en Chappie Maree? Nee, ek het op 'n stadium bewus geword dat Calla Botha met mnr. Barnard kontak gehad het en daar was toe aan my opdrag gegee gewees om mnr. Botha te sê dat hy sy kontak moet verbreek met mnr. Barnard.

Na aanleiding van watter geleentheid was dit gewees? -- Dit was na die Bruce White voorval.

Ek volg, nou sê vir my mnr. Burger was u bewus daarvan dat vir die inwin van hierdie spesialisinligting mense soos byvoorbeeld Peaches Gordon gebruik is? -- Ja.

U was bewus van Peaches Gordon se agtergrond? -- Dit is reg.

U was bewus van die feit dat hy, ek dink soos dit in mnr. Van Zyl se getuienis gestel is, 'n lid van die onderwêreld was. Is dit reg? -- Dit is reg.

Was u tevrede dat hy gewerf is om vir die BSB take te verrig? -- Hy is gewerf om inligting te versamel, ja.

Was u tevrede dat geld aan hierdie persoon uitbetaal is? -- Ja.

Watter kontrole, watter beheer het die BSB oor mense soos mnr. Gordon? -- Die hanteerder is verantwoordelik vir sy han-tering en sekerheid.

Ja, maar die vraag is dit: Word dit aan die hanteerder oorgelaat om so 'n persoon self uit te soek? -- Ja, in meeste gevalle.

En/...



En as hy rapporteer dat hy so 'n persoon gewerf het, aanvaar

u, is u tevrede dat hierdie persoon daarna deur die hanteerder alleen gekontroleer moet word? -- Ja.

Daar is geen beheer oor wat ten opsigte van die geld wat uitbetaal moet word nie of wat hierdie persoon doen nie? -- Nee, ek dink u stel dit verkeerd. Die uitbetaling word ge-kontroleer wat aan elke bewustelike, onbewustelike of indirektelede betaal word.

Maar kom ons veronderstel nou, so 'n persoon wat uit die agtergrond kom wat ons weet sommige van die mense wat met die BSB saamgewerk het gekom het ...? -- Kan u meer spesifiek wees asseblief?

Nee, ons het mos nou klaar gesê die onderwêreld, ons hoef nie verder as dit te gaan nie. So 'n persoon word ingeskerp op 'n sekere teiken, daar word vir hom gesê daar word inligting verlang ten opsigte van persoon X of persoon Y? -- Dit is reg.

En daar word aan so 'n persoon uiteindelik meegedeel, argumentsonthalwe dat persoon X of persoon Y, uiteindelik ge-ëlimineer moet word? -- Nee.

Nee wat? -- Wat die hanteerder aan hom stel is die hanteerder se saak, maar daar word nie volgens my kennis en my bestaan by Streek 6 was daar aan geen onbewustelike lid of iemand gestel gewees jy elimineer iemand nie.

En as daar getuienis tot dié verband sou wees, dat sulke persone inderdaad opdragte gekry het, dat mense geëlimineer moet word? -- Ek dink u moet meer spesifiek wees.

Nee, ek stel dit vir u as ...? -- Wel ek het vir u gesê, ek het dit reeds vir u gesê.

<u>VOORSITTER</u>: Hy sê na sy wete, hy weet nie van so 'n geval

nie/...



nie. Nou sê u daar is getuienis, nou wil hy weet wat die

ge-tuienis is.

MNR. BERTELSMANN: Kom ons bly by net een voorbeeld, ek wil nie oor daardie spesifiek voorbeeld praat nie, maar daar is getuienis hier voor die Kommissie ten opsigte van die feit dat aan Peaches Gordon opdrag gegee is om homself te bemoei met mnr. Evans? -- Sover inligting betref, ja.

Nou dit is een van die gevalle as ek u reg verstaan, waar u verkies om niks te sê nie -- Dit is reg.

Nou kom ons vergeet van Evans. Die vraag wat vir my op hierdie stadium van belang is, wetende dat die BSB van persone gebruik maak wat in die onderwêreld lewe, in die skaduwêreld lewe, watter kontrole, watter beheer het die BSB oor so 'n persoon nadat hy op 'n teiken gerig is? -- Ons teikens was oor spesialisinligting en dit het vir ons geen gevaar ingehou nie en die feit dat hy in die onderwêreld was is vanselfsprekend ook vir u seker voor die handliggend dat sulke persone nodig is om sensitiewe inligting te bekom.

Verstaan ek u reg, is dit vir die doeleindes, volgens u getuienis, vir die doeleindes van die BSB se werksaamhede nodig om misdadigers aan te stel om funksies vir die BSB te verrig? Is dit u getuienis? -- Dit is nodig om sulke persone te kry om inligting te versamel en netwerke te infiltreer, ja.

En dit gaan verder as dit. Is dit volgens u nodig vir die BSB, 'n vertakking van die Suid-Afrikaanse Weermag om vir die optrede teen sekere, deur die BSB selfgeïdentifiseerde vyande, misdadigers, in diens te neem?-- Dit is reg.

Verskoning? -- Dit is reg.

Dit is reg, goed. Mnr. die Voorsitter, sou hierdie 'n geskikte oomblik wees om die verdaging te neem. Ek weet dit

is/...

is 'n paar minute vroeg, maar daar is klaarblyklik iemand wat met my in aanraking wil kom.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT NA TEE.

DANIëL FERDINAND DU TOIT BURGER, nog steeds onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Daar is aan my uitgewys dat u my laaste vraag of my laaste stelling miskien nie honderd persent gevolg het nie, ek wil net seker maak. Ek het aan u gestel, u het hierdie persone uit die onderwêreld gebruik nie net vir die insameling van inligting nie, maar ook om funksies uit te voer?-- Nee, vir inligting.

Die getuienis wat hier voor die Kommissie is dat mense soos Peaches Gordon gewerf is om aktief op te tree, kan u dit betwis? -- Aktief om inligting in te samel.

Nee-nee, hy het aktiewe opdragte gehad. U hoef dit nie te antwoord nie, dit gaan op die terrein van sommige van die aspekte waaroor u verkies het om te swyg.

VOORSITTER: Nee, die enigste vraag is, volgens u kennis het Peaches opdragte gehad om naas inligting iets anders te doen namens die BSB? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: So met ander woorde u is bewus van die ge-tuienis van mnr. Van Zyl, u was nie toe hier nie, is u bewus van sy getuienis? -- Ja.

Daardie getuienis is nooit in kruisverhoor deur enig-iemand aangeval nie. Wil u daarop kommentaar lewer? -- Ek kan nie vir my regspan antwoord op daardie vraag nie. Al wat ek weet is dat toe mnr. Van Zyl getuienis afgelewer het, het my regspan nog nie die geleentheid gehad om die aangeleentheid met my te bespreek nie.

Goed, nou kom ons kyk na die situasie mnr. Burger. Hierdie Kommissie is aangestel in Februarie, begin Februarie

vanjaar/...

vanjaar. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Was u bewus daarvan? -- Ek was bewus.

U was bewus daarvan dat dit die opdrag van die staats-president was dat daar deur hierdie Kommissie na die bedrywig-hede van die BSB ondersoek ingestel moet word, nie waar nie? -- Dit is korrek.

U het ook geweet, aanvaar ek, dat die hoof van die weermag opdrag gegee het dat daar met die Kommissie saamgewerk moet word. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou u het toe verdwyn mnr. Burger. Is dit reg? -- Dit is reg.

Ten spyte van hierdie opdragte? -- Dit is reg.

En u het geweier om met die Kommissie saam te werk, u was weg? -- Ek het nie geweier nie.

Maar waar was u? -- Ek was weg.

Waar was u? -- Weg.

Mnr. die Voorsitter, ek dink dit is 'n billike vraag.

VOORSITTER: Hoekom? Wat wil u maak as u weet waar hy was?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit is baie interessant, maar is dit in openbare belang?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter kom ons veronderstel net dat sekere instansies betrokke was daarby.

VOORSITTER: Wel stel dit aan die getuie.

MNR. BERTELSMANN: Nee, maar ek is tog seker geregtig om uit te vind waar hy was.

VOORSITTER: Mnr. Burger ek aanvaar u het weggekruip om dit so uit te druk? -- Dit is reg.

Het u weggekruip vir die Kommissie of het u weggekruip om 'n ander rede? -- Om 'n ander rede.

MNR. BERTELSMANN: Is u aangesê om weg te raak? -- Nee.

Sê vir ons waarom u nie hier was nie? -- Dit het tot my kennis gekom dat daar 'n lasbrief vir my uitgereik is in Na-mibië en ek wil dit net kwalifiseer dat ek goeie redes gehad het as ek sien op watter gronde mense in die land aangehou is, in die BSB, dan dink ek ek het 'n baie goeie besluit gemaak om ten opsigte van die Suidwesgeval weg te raak. Ek is onskuldig in verband met al die aantygings wat teenoor my ge-maak is en sover my kennis strek enige lede van die BSB sover Namibië aanbetref en omdat hierdie Suidwes in die oorgangs-periode was, die onafhanklikheid van Namibië en omdat dit onder 'n Swapo-administrasie sou regeer het ek dit goed gedink omrede ek onskuldig is te verdwyn tot na onafhanklikheid.

Mnr. Burger nadat onafhanklikheid in Suidwes gekom het, wat maak dit, watter verskil bring dit teweeg ten opsigte van u optrede teenoor Swapo?

VOORSITTER: Wat bedoel u? Ek verstaan nou nie die vraag nie?

MNR. BERTELSMANN: Hoe verander dit u posisie?

VOORSITTER: Ek kan vir u sê hoe dit die posisie verander mnr. Bertelsmann as u dit self nie weet nie. Voor onafhanklikheid kon mnr. Burger op versoek van enige polisiebeampte in Suidwes, was hy verplig gewees om Suidwes toe te gaan en hy kon hier in hegtenis geneem word en direk oorgeplaas word.

MNR. BERTELSMANN: Ja, dit is SO.

VOORSITTER: Na onafhanklikheid moet die Namibiese regering 'n aansoek loots en *prima facie* getuienis voor 'n hof plaas dat hy skuldig is aan 'n misdryf. Dit maak 'n wesenlike verskil. Ek sou gedink het dit is 'n wesenlike verskil.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter.

Goed/...

Goed ek sal dan maar in die lig van wat u gesê het, klaarblyklik nie ... sê vir my wat betref u werk in en met die BSB waar funksies vir die BSB uitgevoer is en lede van die BSB inderdaad betrap is of betrap kon word of betrap sou word terwyl hulle besig was, aanvaar ek is daar aan lede gesê dat hulle moet seker maak dat hulle nie deur, dat hulle nie die organisasie weggee of verraai nie. Met ander woorde hulle moet hulle verbintenisse met die BSB en die BSB se take moet hulle verswyg. Is dit reg? -- Ons het as koverte organisasie moes ons bona fide besighede vir onsself daarstel waaronder ons dan onder dekking gefunksioneer het met die doel dat dit nie na die staat moet terugwys nie of ons verbintenis met BSB nie.

Nee maar indien u, terwyl u besig is om 'n BSB funksie uit te voer, betrap sou word, sou u uit die aard van die saak opdrag gehad het om die BSB nie te openbaar nie, die bestaan van die BSB nie te openbaar nie. Is dit reg? -- Ek was nog nooit in so 'n situasie nie.

Maar het u nie voorsiening gemaak in die opleiding van u lede dat indien hulle betrap word terwyl hulle met een of ander funksie besig is hulle hulle verbintenisse met die BSB moet ontken nie? -- Ek sou sê dat indien soiets moes gebeur, sou ek dit nie geredelik geopenbaar het nie.

Ja, maar het u voorsiening gemaak daarvoor in u oplei-dingsproses? -- Ek dink dit het van die lid self en sy per-sepsie van die organisasie afgehang.

VOORSITTER: Maar is dit nie, maar ek dink wat mnr. Bertels-mann sê is dit, uit die aard van BSB se bedrywighede moet 'n mens tog aanvaar dat daar een of ander plan of 'n reël of 'n guns was dat 'n mens moet eerstens die bestaan van die or-ganisasie en tweedens die mens se verbintenis met die

organisasie/...

organisasie probeer geheim hou? -- Dit is korrek.

MNR. BERTELSMANN: Met ander woorde daar was sodanige planne wat inderdaad bestaan het? -- Ja.

Nou het u die lede in u sel van enige ander persoon as van u opdragte gekry van enige van die werk wat hulle gedoen het en indien wel, van wie? -- Die finale opdrag kom van die besturende direkteur af.

Kom dit via u of kom dit direk van hom? -- Dit kom direk van hom of dit kan ook via myself kom.

Goed. Is dit so dat u en ander lede van die BSB sowel binnelands as buitelands gewerk het? -- Dit is reg.

En binnelandse en buitelandse projekte uitgevoer het? -- Ja.

En dat buitelandse operateurs binnelands gestasioneer was? -- Dat buitelandse ...?

Mense wat aan buitelandse projekte gewerk het wel binne-lands gestasioneer was? -- In my streek?

Ja. -- Ja, my mense was binne gesetel en dan buite ... (tussenbei)

En van ander streke van die BSB? -- Ek dra nie kennis nie.

U dra nie daarvan kennis nie.

VOORSITTER: Ekskuus tog mnr. Burger om net terug te kom na die opdragte. Die opdragte soos ons dit het, het soos volg gewerk: Daar was 'n voorlegging gewees aan die besturende direkteur wat dan daarmee gehandel het en dan as dit in 'n opdragvorm, het dit teruggekom? -- Dit is reg. Wat ek daarby bedoel het deur my antwoord is dat my opdragte het van die be-sturende direkteur af gekom, maar hy sal weer sy opdrag of finale goedkeuring omtrent 'n projek sal hy van hoër gesag

kry/...

kry.

Sal hy van hoër gesag - nou wat ek by u wil weet is dit: Punt nommer een, het u op enige stadium sonder 'n opdrag vanaf die besturende direkteur opgetree? -- Nee.

Het u op enige stadium opdragte gegee aan u mense wat nie in ooreenstemming was met die besturende direkteur se opdrag nie? -- Nee.

Nou as u 'n opdrag by die besturende direkteur gekry het was dit mondeling of was dit skriftelik? -- Daar is skriftelik merendeels skriftelik opdragte verkry, maar daar is ook mon-delings gekry.

Nou as ons net vir die oomblik by die skriftelike opdragte stilstaan, ek aanvaar dat in 'n organisasie soos hierdie is daar sekere opdragte wat deur die besturende direkteur gegee kan word en andere wat deur die voorsitter gegee moes word en andere wat op 'n hoër vlak gegee moes. Is dit reg? -- Dit is reg.

Nou het u enige skriftelike opdrag gekry wat 'n magtiging gehad het van die voorsitter en nie net van die besturende direkteur nie? -- Nie sover my kennis strek nie.

Het u enige skriftelike opdrag gekry wat 'n magtiging gehad het van iemand hoër as die voorsitter? -- Nee.

Het u enige mondelinge opdrag gekry wat aan u gesê is kom van die voorsitter? -- Ja.

Het u enige mondelinge opdragte gekry wat vir u gesê is kom van hoër as die voorsitter? -- Nee.

Nie. -- Nie sover my kennis strek nie.

MNR. BERTELSMANN: As daar sodanige opdragte was wat deur hoër gesag as die voorsitter goedgekeur moes word, sou dit nood-wendig aan u oorgedra gewees het, sou u dit geweet het? -- Ek

weet/...

weet nie. Dit is moontlik.

Dit is moontlik, maar nie noodwendig so nie? -- Nie nood-wendig nie.

Was daar enige basis waarop u kan sê dat lede van die BSB nie op eie inisiatief kon optree nie. Met ander woorde as daar byvoorbeeld, kom ons vat 'n praktiese voorbeeld: Daar is 'n sekere teiken geïdentifiseer, sê nou maar 'n bestuurs-lid van die Five Freedoms Forum, hy word gemonitor ... (tussenbei)

<u>VOORSITTER</u>: Wat bedoel u hy is as 'n teiken geïdentifiseer?

<u>MNR. BERTELSMANN</u>: Ja dit is, ek wou dit juis nou verder om-skryf. Hy word gemonitor en daar word oorweging daaraan ge-skenk om van monitering verder te gaan na uitsonderingsge-valle toe, watter voorsorgmaatreëls het daar bestaan dat 'n lid van die BSB nie na die monitering die reg of altans dan die optrede, in eie hande neem nie? -- Hy is soos in enige dissiplinêre bestel, moet hy opdragte uitvoer soos aan hom opgedra.

Ja, maar watter sanksie het u teen hom? -- Ekskuus?

Watter sanksie het u oor hom? -- Dit berus op sy in-tegriteit en sy eie, hoe kan ek dit stel, hy tree op volgens die riglyne en die werkswyse en die opdragte aan hom verskaf.

Maar die vraag is watter sanksie het u oor so 'n man? Klaarblyklik as hy homself wangedra kan u nie na die polisie toe nie, nie waar nie? -- Dit is reg, as hy hom wangedra het?

Ja. -- Jy sal seker na die, jy sal deur die kanale jou dissiplinêre stappe neem.

Maar kom ons aanvaar 'n lid van die BSB skiet 'n persoon wat gemonitor was sonder dat daar vooraf 'n inhuis gehou was, watter sanksie het u oor hom? -- Nee, in daardie geval is daar

nie/...



nie 'n dag-tot-dag beheer oor hom en te sê dit en dit, nou maak

jy so en nou maak jy so nie. Daar word aan sy eie inisiatief oorgelaat.

Dan het 'n mens die situasie ...? -- Maar dit hang nog af wat sy opdrag was.

Ja. Nee, dit seer sekerlik, maar kom ons aanvaar, 'n persoon soos dr. Webster is op verskeie lyste wat in besit van die BSB is as vyande van die Republiek van Suid-Afrika, kor-rek? -- Die lyste soos u stel, die sogenaamde vyande van die republiek word ook benader nie net as om hom te monitor en in-ligting en 'n pyplyn en 'n netwerk en 'n kanaal na die buite-land nie, maar daar word ook gepoog om van daardie mense te werf. So die doel van daardie lyste is nie net uitsluitlik om hom te beskou as 'n sogenaamde, soos u dit stel, 'n teiken nie.

Maar kom ons aanvaar dat 'n persoon soos, noem 'n voor-beeld, Gavin Evans, wat ons weet, soos - ons gaan nie oor Gavin Evans as sodanig praat nie ... (tussenbei)

MNR.HATTINGH: Maar hoekom noem my geleerde vriend dan Gavin Evans?

VOORSITTER: Ek weet nie, wat wil u van die getuie hê mnr. Bertelsmann?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, wat ek aan die getuie wil stel is, hier word aan mense wat betrokke is by die akti-witeite van die BSB, lyste met name van mense gegee waaronder daar mense is wat reeds as teikens geïdentifiseer is.

VOORSITTER: Ja, 'n mens weet nie, as wat se teiken?

MNR. BERTELSMANN: Wel ons weet in sommige gevalle is daar getuienis voor u dat hulle as teikens vir eliminasie geïden-tifiseer is.

VOORSITTER:/...



VOORSITTER: Ja nou goed, die getuie ontken dit.

MNR. BERTELSMANN: Nee, die getuie kan dit nie ontken nie. Die getuie weier om op daardie spesifieke aspek te antwoord.

VOORSITTER: Nee, hy het baie duidelik gesê dat hy ontken dat hy daarvan weet, maar in alle geval hy weier om spesifieke vrae te antwoord oor Gavin Evans, maar hy het gesê hy ontken dit, nou maar goed, nou het ons nou daardie hipotetiese geval, wat dan of daardie geval nou wil u weet ... (tussenbei)

MNR. BERTELSMANN: Watter beheer het die BSB daaroor dat die lid wat met hierdie inligting sit en wat weet dat persone wat aan die Five Freedoms Forum en die ECC behoort, in die kate-gorie van potensiële teikens, nie uit eie beweging 'n lid van daardie organisasie tot teiken verhef nie.

VOORSITTER: Wel ek moet u sê eerstens moet u miskien die besturende direkteur vra en tweedens sê BEWYSSTUK C7 bladsy 41 uitdruklik wat gebeur as soiets gebeur. Daar is inhuis dissiplinêre maatreëls en daar is eksterne dissiplinêre maatreëls wat sê dat indien die besturende direkteur van mening is dat 'n werknemer 'n oortreding in stryd met die landswette begaan het kan dit die saak aan die Suid-Afrikaanse Polisie vir vervolging van die werknemer oorhandig.

MNR. BERTELSMANN: Wel dit is juis op daardie punt wat ek die getuie gevra het, u kan klaarblyklik nie na die polisie toe gaan nie en die getuie het dit bevestig. Dit gaan juis oor hierdie tipe van situasie mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Ek sê mos daar is inhuis dissiplinêre maatreëls.

MNR. BERTELSMANN: Wel miskien kan die getuie dan op die vraag wat ek aan hom gestel het in daardie verband antwoord.

VOORSITTER: U is besig met hipoteses wat my absoluut niks help in die oplossing van my probleme nie.

MNR. BERTELSMANN:/...

MNR. BERTELSMANN: Het daar ooit 'n dissiplinêre optrede as gevolg van verkeerde uitvoer van opdragte of eie gemagtigde optrede plaasgevind? -- Ja.

In welke geval was dit, Barnard? -- Mnr. Calla Botha se wyse waarop Bruce White gemonitor was.

Die wyse, nie die feit dat hy gemonitor was nie? -- Nee, die wyse dat hy volgens die besturende direkteur nie met mnr. Barnard kontak moes gehad het nie.

Ek sien, maar nie met die monitering as sodanig nie? -- Nee.

Nou u sal met my saamstem dat 'n persoon soos dr. David Webster in die kringe beweeg het waar die BSB vyande van die Republiek van Suid-Afrika vermoed het, korrek? -- Dit mag nou baie ironies klink, met die Webster-moord en alles in gedagte, maar ek was nooit van dr. Webster bewus nie. Ek weet nie, tot vandag toe waar hy woon nie, aan wat hy behoort het nie, wat hy nagevors het nie, indien dit u vraag sal beantwoord.

Nee, dit beantwoord die vraag glad nie. Ons weet dat die Five Freedoms Forum 'n organisasie was, dit het u self gesê wat met agterdog bejeën is. Ons weet dat die End Con-scription Campaign 'n organisasie was wat met agterdog bejeën is. Ons weet en ek veronderstel dat u self weet dat 'n lid van die BSB met die naam van Derek lyste oor hierdie organisasies aangehou het. Ken u Derek? -- Dit was tydens die Kommissie vir die eerste keer aan my openbaar.

En ons weet ook en daardie getuienis is voor die Kommis-sie dat 'n informant van die BSB met die naam Leonie van Graan navorsing gedoen het oor onder andere en inligting verskaf het aan die BSB van dr. Webster se telefoonnommer, sy woonadres, sy identiteitsnomer, sy bankrekeningnommer, korrek? -- U maak

'n/...

'n stelling, u stel vrae aan my wat ek nie kan beantwoord nie.

U sê u dra geen kennis daarvan nie? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

U betwis nie dat dit inderdaad geskied het nie?

VOORSITTER: En as hy nie kennis daarvan dra nie, help sy be-twisting my absoluut niks nie mnr. Bertelsmann.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter, maar u sal saamstem mnr. Burger ... (tussenbei)

MNR. McNALLY: Is dié stelling in elk geval korrek, kan ons net kyk waar dit vandaan kom?

MNR. BERTELSMANN: Verskoning, verskoning die bankrekening was Gavin Evans, ek vra om verskoning. My junior wys my daarop, maar die naam en adres was inderdaad in kolonel Wright se beëdigde verklaring genoem. Dit is 'n aanhangsel daartoe.

MNR. McNALLY: Maar daar is geen verband tussen die naam Leonie van Graan sover ek weet en die naam dr. Webster nie.

MNR. BERTELSMANN: Dan is ek jammer dan het ek die stelling verkeerd gemaak, want dit was albei aanhangsels by kolonel Wright se beëdigde verklaring, my geleerde vriend sal daarmee saamstem as ons dit net kry.

VOORSITTER: Wel waarmee moet hy nou saamstem?

MNR. BERTELSMANN: Dat dit inderdaad as aanhangsels ingehandig is in verband met die feit dat dit gekry is by lêers wat ... (tussenbei)

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, ek het die lêer gesien. Dit is 'n lêer vol los papiere en hierdie was 'n los bladsy in daardie lêer gewees en ek dink die punt wat gemaak is, is dat Leonie van Graan het, dit blyk nie uit hierdie dokument uit dat Leonie van Graan enige inligting or dr. Webster verskaf het nie of is ek verkeerd?

MNR. BERTELSMANN:/...

MNR. BERTELSMANN: Wel mnr. die Voorsitter, die dokument wat ek voor my het is, het spesifiek betrekking in die eerste instansie op Gavin Evans en daarna met respek, ek soek net na die werklike bladsy, waar is die korrekte bladsy? Kan ons net daarna kyk asseblief? In die eerste instansie is dit Evans, Mark Evans en dan .... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee-nee, ons praat nou oor Webster. Daar is 'n beswaar dat u 'n stelling gemaak het dat Leonie van Graan, 'n informant van BSB het al daardie inligting oor dr. Webster by-mekaar gemaak.

MNR. BERTELSMANN: Korrek, ek moet die stelling wat ten opsigte van die bankrekening verwys dit na Evans, daarna ver-skyn in die tweede bladsy, dit is bylae H2 verskyn daar wel adresse wat onder andere Eleanorstraat insluit, wat die straat is waarin dr. Webster gebly het. Nie by daardie einste nommer nie, hy het by nommer 13 gebly.

VOORSITTER: Nou maar wat help dit vir my? Adres bekend, Gavin Evans. Stel dit aan die getuie dat op 'n stuk papier is daar 'n adres gewees wat in dieselfde straat is as dr. Webster se adres en weer eens koppel u dit aan Leonie van Graan en ek weet nie hoekom u ... (tussenbei)

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr.die Voorsitter, ek is jammer as ek 'n fout gemaak het in daardie verband.

VOORSITTER: Al wat ek hier het is dat op bylae E is daar 'n lys van al die lede van Five Freedoms Forum en daar is twee pyltjies wat na dr. Webster toe wys.

MNR. BERTELSMANN: Dit is heeltemal reg en dit is ook duide-lik dat dr. Webster betrokke was by die End Conscription Campaign.

VOORSITTER: Ek weet nie. U sê dit, ek weet nie of dit so is

nie/...

nie.

MNR. BERTELSMANN: Daardie getuienis is reeds bevestig deur mnr. Brits ook, daar is getuienis voor u in daardie verband.

VOORSITTER: Nou wat wil u vir mnr. Burger stel?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Burger, laat ek dit nou reg stel: In die eerste instansie is daar lyste, 'n lys ten minste van die Five Freedoms Forum voor die Kommissie geplaas wat uit die BSB se kantoor kom waarop dr. Webster se naam verskyn en aangedui is. Dra u kennis daarvan? -- Ek dra nie kennis nie.

In die tweede instansie is daar deur 'n persoon, Leonie van Graan 'n ander lys in daardie selfde lêer gekry waarin die naam, die adres, die werksadres, sy organisasies en sy bank-rekening van Gavin Mark Evans uiteengesit is. Dra u daarvan kennis? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Goed, daarbenewens is daar 'n aanduiding dat daar ook na adresse in daardie selfde lêer gekyk is weer eens wat betrek-king het op mnr. Evans op die volgende bladsy asook in Eleanorstraat, wat die straat is waarin dr. Webster self gebly het. Dra u daarvan kennis? -- Nee.

VOORSITTER: Wie se telefoonnommer is dit daardie wat langs daardie adres staan?

MNR. BERTELSMANN: Ek weet nie. Nou die stelling wat ek aan u maak mnr. Burger is dat dr. Webster in organisasies aktief was waarvolgens u eie getuienis en die getuienis van ander lede van die BSB, die BSB wel vyande van die Republiek van Suid-Afrika vermoed het. Korrek? -- Waar BSB ....?

Wel vyande van Suid-Afrika gesien het òf vermoed het òf gesoek het. -- Wat betrokke is by die organisasie?

Ja by daardie organisasie. -- Ja.

So met ander woorde dr. Webster was potensieel 'n persoon

wat/...

wat 'n teiken van die BSB kon word? -- Ek is nie bereid om te spekuleer daaroor nie.

Nee, maar die punt is hy het in daardie dampkring beweeg? -- Dit is u afleiding.

Het u enige, is daar enige ander billike afleiding wat ons kan maak? -- Ek het nooit 'n opdrag gehad om hom te monitor nie.

Nee, dit is die vraag - die vraag was is daar enige ander billike afleiding wat ons kan maak?

VOORSITTER: Ons kan maar dit later argumenteer.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Waar het die BSB sy wapens vandaan gekry? -- Ek weet nie.

Dra u nie kennis van die bron nie, was u nie daarby betrokke nie? -- Nee.

Weet u waar ammunisie vandaan gekom het? -- Nee.

Weet u wie verantwoordelik was vir die organisasie van die ammunisie? -- Nee.

Wie was verantwoordelik vir logistieke steun? -- Die logistieke bestuurder.

Wie is dit? -- Ek moet gaan op wat Christo Brits gesê het.

Weet u nie self nie? -- Nee, ek vermoed dit is 'n persoon wat aan my bekend is as Barries.

Goed, as u of enige ander BSB lid 'n kleefmyn nodig gehad het by wie sou u navraag gedoen het daaroor, wie moes dit vir u organiseer? -- Ek sal die koördineerder gevra het.

Met ander woorde mnr. ....? -- Of die besturende direk-teur indien soiets nodig gewees het.

Ek volg. Dieselfde ten opsigte van ammunisie? -- Ja.

VOORSITTER: Het u ammunisie ontvang vanaf die koördineerder

of/...

of die besturende direkteur? -- Vanaf die koördineerder, 9 millimeter patrone waarmee ons geoefen het.

MNR. BERTELSMANN: En is die datums waarop u ammunisie ont-vang het in ooreenstemming met wat in mnr. Brits se dagboek staan of kan u dit nie onthou nie? -- Ek sal nie kan sê nie.

Sê vir my in wie se opdrag sou Derek opgetree het? -- Ek weet nie.

Weet u nie aan watter streek hy behoort het nie? -- Nee. Ek ken hom nie.

Verskoning? -- Ek ken hom nie.

Ek sien. Is Derek nie identies met Chappie Maree nie? -- Ekskuus?

Is Derek nie dieselfde as Chappie Maree nie, is dit nie sy skuilnaam nie? -- Nee.

Nie sover u weet nie? -- Nee.

Goed, weet u ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek dog Le Roux is Maree se naam?

MNR. BERTELSMANN: Verskoning?

VOORSITTER: Ek dog Chappie Maree se naam is Le Roux?

MNR. BERTELSMANN: Ja-nee, maar daar is lede wat verskeie name gehad het en daar was een suggestie voor u dat Derek moontlik identies is met Chappie Maree. Het u ooit met die polisie saamgewerk dat u inligting aan die polisie gegee het? -- Nee, nie ek persoonlik nie.

Het u ooit, is dit ooit aan u gestel dat u in die hoe-danigheid as 'n lid van die BSB gevrywaar is teen vervolging? -- Nee.

Is dit aan enige ander lid ooit belowe volgens u kennis? -- Nee.

Is daar ooit aan u voorgehou dat regskoste wat moontlik

aangegaan/...

aangegaan sou kan word deur die, of aangegaan sou moes word deur die BSB betaal sou word? -- Ek het die stadium wat, ek sou nog die personeel en die finansiële planne met verdere kursusse sou dit beter of in diepte met ons behandel gewees het, maar ek, my geheue laat dit toe om te sê dat daar wel so 'n klousule in die personeelplan is.

Ek volg. Weet u of dit in die praktyk ooit gebeur het? -- Nie sover my kennis strek nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Wanneer het u mnr. Matthysen leer ken vir die eerste keer? -- As u net so 'n oomblikkie kan wag. Hier is 'n gesprek ons sal nou ...(tussenbei)

VOORSITTER: Hy wil weet wanneer het u vir mnr. Matthysen die eerste keer ontmoet, kan u onthou? -- In Januarie 1962.

MNR. PRETORIUS: Nou toe u nog by Brixton gewerk het, het u hom by sy besigheidsperseel ooit besoek? -- Ja.

Om watter rede? -- Vriendskap.

Ooit daar om besigheidsredes, polisieredes? -- Nee, nie sover ek kan onthou nie.

VOORSITTER: Sy besigheid, het dit binne-in u gebied geval? -- Ja, die hele Witwatersrand was Brixton se gebied gewees.

MNR. PRETORIUS: Is dit korrek u het daar op 1 Junie of 1 Julie 1988 daar begin werk? -- Dit is reg.

In watter hoedanigheid? -- Wel dit is alombekend. Dit was vir 'n dekking gereël gewees. Ons het gekyk na sy, na die sekerheid en sekuriteit.

U was die sekuriteitsbeampte daar? -- Ekskuus tog?

Was u die sekuriteitsbeampte daar? -- Nee, ons het maar omgesien na die sekuriteit van die besigheid, maar ons was nie sekuriteitsbeamptes nie.

Wat/...

Wat was u dan? Hoe het u vir die werknemers daar voorge-kom? -- Om toesig te hou oor die verloop van die normale sake.

Vanuit 'n sekuriteitsoogpunt? -- Ja, ook onder andere

En was dit ook die take van Maree, Botha en Van Zyl? -- Dit is reg.

Nou wat is u persoonlike mening oor die Cosatu-vakunies, Cosatu self? -- Wel, dit is 'n wye vraag. Ek het nie 'n probleem met Cosatu nie, solank as wat dit nie 'n bedreiging vir die staat word nie, deur middel van elemente van geweld ensovoorts nie.

En volgens u het die bedreiging voorgekom in die lede van Cosatu of Cosatu self? -- Ons was maar nog in 'n beginstadium om die betrokke unie te ondersoek.

Dra u kennis van die vakunie, die Transport and General Workers Union? -- Nee.

Glad nie? -- Nie wat ek nou kan onthou nie.

Dra u kennis van 'n persoon by name Jane Barrett? -- Nee.

Josiah Tiery? -- Nee.

U sien ons sal mettertyd beëdigde verklarings voor die Kommissie voorlê en ek wil u kans gee om kommentaar te lewer oor 'n sekere voorval. Mnr. Josiah Tiery sê hy was 'n lid van of nee, hy was 'n "organiser"by die Transport and General Workers Union, dit was sy werk en hy sê ook dat, gelukkig hy en sy vakunie het probeer lede werf by Matthysen Busvervoer. Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Glad nie? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Nee, ek wil hê u moet probeer onthou? -- Ek kan nie onthou nie.

U onthou glad nie dat die besondere vakunie lede probeer werf het by Matthysen nie? -- Nee.

Hy/...

Hy gaan voort en hy sê, hy sal sê dat die bestuur van die busmaatskappy was nie baie gelukkig oor hierdie pogings om lede te werf, dra u geen kennis daarvan, van u vorige antwoorde uit? -- Ek het geen uitvoerende magte gehad namens die bestuur van Matthysen Busvervoer.

Maar dra u kennis van Matthysen se siening oor vakunies? -- Nee.

En toe was daar 'n dispuut verklaar en die vakunie en Matthysen is in 'n nywerheidshofsaak betrokke? -- Dit is moontlik.

Nou dra u enige kennis daarva? -- Nee.

Kan u glad nie onthou nie? -- Ek kan nie onthou nie.

En gedurende die verloop van daardie dispuut was ver-gaderings van die werknemers gehou by die busmaatskappy.

VOORSITTER: Kan u asseblief net naderby die jaar of tydperk vir ons gee, want ek weet nie wat ... (tussenbei)

MR PRETORIUS: Unfortunately Mr Chairman, I understand the problem, I have had the same problem, I cannot be precise, but I do have a precise date to which I am leading. I have attempted to obtain those instructions, but have been unable to in these past few days. Maar die eerste verbintenis tussen die unie en Matthysen het in die tweede kwartaal van 1987 plaasgevind en toe het die dispuut vandaar af plaasgevind. -- In 19 ...?

1987. Nou ek weet u was nie daar nie, maar die dispuut het oor 'n tydperk gebeur. Nou mnr. Tiery gaan voort en hy sê die vergaderings is by Matthysen busvervoer gehou. Dra u enige kennis daarvan? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

En hy gaan voort en sê dat by die laaste vergadering wat daar by die maatskappy gehou was, was dit op 'n oop veld naby

die/...



die busmaatskappy se perseel gehou. -- Ek weet nie daarvan nie.

En hy sê ook dat toe het 'n wit man in gewone klere hulle genader en gedreig met arrestasie en toe het hulle uitmekaar gegaan. -- Ek kan net vir u sê dat daardie wit man met gewone klere was nie ek nie.

Wel hy gaan voort om te sê dat hy uitgevind het by die werknemers dat dié man het onlangs, was onlangs in diens geneem by Matthysen as 'n sekuriteitsbeampte. U sê dit is ...? -- Dit is moontlik.

Dit is moontlik? -- Ja, dit is moontlik. Ek weet nie wie hy almal in diens neem nie.

Ja, maar u was as 'n sekuriteit of in daardie hoedanigheid in diens geneem? -- Ja, ek het gesê onder andere sekuriteit.

En hy het ook gesê hy het ook inligting gekry van sy werknemers dat daar 'n verbintenis was tussen dié sekuri-teitsbeamptes en die Brixton se polisiemag. -- Ek het nie daarvan kennis gedra nie.

Nou gedurende die verloop van hierdie dispuut en nadat daardie vergadering gehou is naby die persele van die maat-skappy toe is alle vergaderings by die vakunie se kantoor gehou en die adres van daardie kantoor was by die derde verdieping, Queens Court, Claimstraat, Johannesburg. Dra u kennis van daardie perseel? -- Ek was nog nooit daar nie.

Nog nooit daar nie en op 14 Julie 1988, net nadat u daar gekom het was daar 'n brand by daardie persele. -- Ekskuus?

Nadat u daar by Matthysen gekom het was daar 'n brand daar dra u enige kennis daarvan? -- Ek weet nie van die brand nie.

En/...



En ek moet nog aan u stel dat volgens iemand wat daar op die persele as 'n sekuriteitswag gewerk het op dié betrokke aand het drie of vier wit mense daar aangekom en hom aangeval met 'n

traangas, met traangas, met een van hierdie klein traangashouers. -- Ek hoor u, ja.

En toe hulle het in die gebou ingegaan, hom aangerand in die gebou, ingegaan en toe het die gebou aan die brand geraak. U dra geen kennis van daardie voorval nie? -- Ek dra geen kennis nie.

Al die feite wat ek aan u nou genoem het is net toeval, dat dit gebeur het net nadat u by Matthysen aangesluit het en die feite wat hy noem tussen die sekuriteitsbeampte by Matthy-sen en die werkers wat vergader het naby Matthysen, u dra geen kennis hoegenaamd nie van enige van daardie voorvalle nie? -- Ek dra geen kennis omtrent dit nie en u opmerking omtrent die toeval. Ek dink as ons al die voorvalle wat in die land plaasgevind het in daardie tydperke verbind aan my verbinte-nis by enige organisasie, die toeval daaromtrent dan moet ek vir u nog sê ek weet nie daarvan nie.

Dit is eintlik ons probleem, dankie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Mnr. Burger in verband met hierdie Matthysen aangeleentheid, het mnr. Matthysen of enige van sy werknemers kennis gedra van die BSB of die BSB se projekte? -- Nee.

Was mnr. Matthysen bewus van die feit dat hy gebruik word as dekking vir u wat en dat u werk vir 'n instansie wat te doen het met die veiligheid van die staat? -- Dit is reg, ja.

Maar nie geweet dat dit BSB was nie? -- Nee.

Het Matthysen ooit enige fondse van BSB ontvang behalwe die fondse wat weer na u gekanaliseer is vir salarisse en

aankoop/...



aankoop van motors? -- Nee, hy het geen ander fondse ontvang nie.

Het Matthysen enige vergoeding van BSB ontvang vir die dekking wat hy vir u en u ander lede verskaf het? -- Geen ver-goedings

ontvang nie.

Het die BSB of die regering sover u weet enige belang by Matthysen se besigheid?-- Kan u net herhaal asseblief?

Het die BSB of die regering enige of moet ek liewer kwalifisser, enige finansiële belang by Matthysen se besigheid? -- Nee, dit is 'n privaat besigheid, geen belang.

Was u verbintenis met Matthysen bloot 'n dekking om vir u van 'n alledaagse beroepsbedrywigheid te voorsien waaronder u die BSB se take kon verrig? -- Dit is reg.

En was dit die enigste doel waarom u by Matthysen betrokke was? -- Dit is die enigste rede.

MNR. HATTINGH: Mnr. Burger het nou net my aandag gevestig op 'n sekere bewering wat gister vorendag gekom het, wat nie streng gesproke binne die raamwerk van die Kommissie se ondersoek val nie, maar dit het redelik weer eens opspraak verwek in die pers en miskien in alle billikheid teenoor die getuie moet hy miskien 'n geleentheid gegun word om net mee te handel dat dit in die korrekte perspektief gestel kan word. Mnr. Burger u het gister die getuienis van mnr. Brits gehoor tot die strekking dat daar gerugte die rondte gedoen het dat u by sluikhandel van een of ander aard en waarskynlik verdowingsmiddels betrokke was? -- Ja, dit was gestel gewees dat ek 'n "underground dealer" is en met onwettige bedrywig-hede besig was en na aanleiding van die persberigte wil ek net daaroor net kommentaar gelewer het. Dit het onder my aandag gekom ... (tussenbei)

Dit/...



Dit is nou die gerugte? -- Ja en op die stadium wat mnr. Brits dit met my bespreek het was dit alreeds tot my kennis. Ek het dit beskou as, in dié lig dat my dekking dan eintlik uitstekend werk, dat ek geen konnotasie met 'n staatsbestel kan hê as ek 'n

sogenaamde onwettige "dealer" is nie, maar toe BSB dit onder my aandag vind het ek dit noodsaaklik gevind om die inligting wat tot my beskikking was, waar dit uitgebroei het te gaan konfronteer.

Alvorens ek dit gedoen het, het ek 'n senior offisier by polisiehoofkantoor geskakel en hom inge-lig omtrent die gerugte en op sy advies het ek na Brixton moord en roof gegaan en daar het ek met Floris Mostert, brigadier Floris Mostert en twee ander offisiere 'n gesprek gehad om hierdie ding uit te klaar, want my inligting was dat daar 'n betrokke lid op die eenheid is wat kwaadwilig hierdie gerugte versprei het.

Is dit nou Brixton-eenheid? -- Dit is reg.

'n Lid van Brixton-eenheid? -- Dit is reg. Ek het ver-duidelik dat ek geen swaarde te kruis het met Brixton moord en roof en met die Suid-Afrikaanse Polisie nie en dit was die rede waarom ek dit wou uitklaar en ek glo dat na die oggend wat ons daardie gesprek gehad het was dit uitgeklaar gewees dat daar geen waarhede in hierdie gerugte steek nie en dat hulle die betrokke lid sou aanspreek. Dit is al wat ek graag wil sê.

<u>MNR. McNALLY</u>: Mnr. die Voorsitter, ek is deur my geleerde vriend, mnr. Bertelsmann versoek om mnr. Ferdie Barnard be-skikbaar te stel vandag vir kruisondervraging en ek het dit in oorleg met sy advokaat, advokaat Goosen gereël, hy is hierso en ek roep hom vir kruisondervraging.

<u>MNR. BERTELSMANN</u>: Mnr. die Voorsitter, alvorens die getuie

geroep/...



geroep word wil ek sê dat aangesien my geleerde junior op daardie stadium nog alleen, toe die getuie getuig het alleen hier was sal hy die kruisverhoor doen met u verlof en dan die tweede punt ons het sekere aspekte oor die volgorde van getuienis met my geleerde vriend, mnr. McNally, opgeneem. Ek weet nie of dit met u bespreek

is nie en of ons dit gedurende die verdaging moet bespreek.

VOORSITTER: Ek weet nie, dit hang af van wat se aspek?

MNR. BERTELSMANN: Wanneer die, wie die volgende getuies gaan wees en in watter volgorde getuies geroep gaan word.

VOORSITTER: Ja, laat ons maar eers hierdie getuie klaarmaak.

FERDINAND BARNARD, nog steeds onder eed:

MNR. BERTELSMANN: Verskoning mnr. die Voorsitter mag ek op hierdie stadium verskoon word.

MR LUITINGH: Mr Chairman before I commence cross-examination I understand that the Minister of Police at this stage is con-sidering making the Section 29 statements available of Mr Barnard. This I understand will be decided either today or tomorrow and in the light of that I have spoken to Mr Goosen, he has no particular feelings about it. I am just not sure whether or not it would not be convenient to allow his cross-examination to stand till Thursday. I am in a position to go on, but ... (intervenes)

CHAIRMAN: I am not going to allow it. You are cross-examining him twice. That you can take from me.

MR LUITINGH: Then in the light of that I will in any event be doing his cross-examination whether it be today or whether it be Thursday.

CHAIRMAN: No, but all the point is, I cannot allow him to be cross-examined twice. Firstly on one set and if he did not

if/...



if you are going to be given a copy of that he must have sight of it beforehand.

MR LUITINGH: Yes, well in light of that ruling Mr Chairman would it then not be wiser to wait until we have heard what the minister's attitude in regard to the Section 29 statements are?

CHAIRMAN: Yes well, I suppose so.

MR LUITINGH: And then, I understand, if you can just bear with me for one minute - we did have discussions with Mr Visser this morning. He intimated that they are making every effort to make a decision about this. Apparently Mr Virlerus is also being consulted and they are just trying to develop a uniform attitude towards this, so, but we believe that we will have an answer by Thursday morning.

CHAIRMAN: Yes Mr McNally what do you say?

MR McNALLY: Well I do not know, I have re-arranged my programme in the light of the request from my learned friend, Mr Bertelsmann and the witness is here on the specific request of my learned friend and I believe we should continue with him as far as we can go.

I have no other witness to call today because of my understanding that this was an urgent desire of my learned friend, Mr Bertelsmann to have Mr Barnard cross-examined at this stage. There were no qualifications to the request that he be recalled for cross-examination today.

CHAIRMAN: Is there any urgency?

MR LUITINGH: No, might I say that I was with Mr Bertelsmann when he communicated with Mr McNally yesterday and Mr McNally misunderstands entirely the situation. In fact this question of the Section 29 was pointed out to him in a telephone con-versation. There was, we were talking about what the

schedule/...



schedule would be and the programming regard to calling the witnesses, it was in fact his suggestion, that is Mr McNally, so there is no urgency ... (intervenes)

CHAIRMAN: The questions is as far as the sequence is concerned.

MR LUITINGH: No, there is no urgency, it is just with regard to

whom we could call today, who was available and we did point this problem out to him and thought that if we did have an answer we would go on with the Section 29's and the cross-examination, but that has now not transpired, Mr Visser does not have an answer for us.

CHAIRMAN: Mr McNally ... (intervenes)

MR LUITINGH: And then, I am sorry Mr Chairman, then there was also the question regarding the availability of his counsel who was available today, but not tomorrow and that we would then have to proceed on Thursday and so we were trying to co-operate with Mr McNally in order to the leading of witnesses that were available.

CHAIRMAN: Mr McNally, apart from Mr Barnard, when will we be ready to hear the next witness at the earliest?

MR McNALLY: Well I am ready to hear any witnesses now.

CHAIRMAN: Apart from that?

MR McNALLY: I am ready to hear any witnesses now.

CHAIRMAN: Yes, but all I want to know is, we have no other available witness today?

MR McNALLY: I made time for this witness today.

CHAIRMAN: Yes, I appreciate it, I take your point, but assuming after this witness who is our next witness and when will he be ready. Let us rather put it this way, when will our next witness be ready?





MR McNALLY: I have been told today that it is also the desire of Mr Bertelsmann to have Mr Calla Botha recalled for cross-examination, but I have not had time yet to communicate with his counsel as to his availability or his counsel's availability.

CHAIRMAN: Now apart from recalled witnesses when will the Commission be able to present a further witness?

MR McNALLY: The Commission could be ready tomorrow to present further witnesses.

CHAIRMAN: Do we have someone for tomorrow?

MR McNALLY: Nobody arranged, but arrangements can be made.

CHAIRMAN: But can they be sensibly made.

MR McNALLY: Very sensibly.

CHAIRMAN: Then there is ... (intervenes)

MR LUITINGH: Might I inquire who Mr McNally has in mind in this .... (intervenes)

MR McNALLY: I have a number of possibilities in mind. Mr Calla Botha is one, Mr Botha is another, Mr Verster is a third.

MR LUITINGH: Mr Chairman might I just suggest that we have had discussions with Mr McNally regarding when we believe it is appropriate to call Mr Verster. Mr Calla Botha is also in a Section 29 dilemma and as far as Mr Botha is concerned, with respect he is clearly one option, but there was mentioned that Mr Theuns Kruger at some stage might give evidence and we believe that it is expediate to call the members before we eventually get on to Mr Verster, that is the members of the BSB if that is his intention to call Mr Kruger.

MR McNALLY: It is not my intention to call Mr Kruger.

MR LUITINGH: We will make submissions as to why we think he

should/...



should come, but we will take that up with Mr McNally as we have in correspondence.

MNR. GOOSEN: Mnr. die Voorsitter ek meen dat die artikel 29 verklarings kan geskei word van sy kruisverhoor om die Kommissie in die posisie te plaas om vandag aan te gaan. Die artikel 29 verklarings is nie eintlik meer 'n geheim nie in dié sin dat

generaal Badenhorst het min of meer gesê wat daarin staan en mnr. McNally in getuienis-in-hoof het gesê wat nie in ons eedsverklaring staan nie wat daar in die artikel 29 staan. So dit is nie 'n geheim nie. Mnr. Barnard se antwoord op die artikel 29-verklarings gaan eenvoudig een sin wees.

VOORSITTER: Ja goed. I proceed, will you proceed.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. LUITINGH: Mnr. Barnard as ons net na u vroeëre geskiedenis kan kyk, wanneer het u matriku-leer? -- 1975.

En het u enige tersiêre opleiding gedoen? -- nee.

Wat het u gedoen nadat u uit matriek uit was? -- Ek is direk na die polisiemag toe.

En waar in die polisiemag het u diens gedoen, net kortliks? -- Ek was eers in die uniformtak gestasioneer te Cleveland en daarna by die Suid-Afrikaanse Narkotiese Buro was ek 'n paar jaar verbonde op Krugersdorp en verskeie ander sentra in die land.

En was dit toe u nog besig was in die narkotiese afdeling wat u toe probleme opgetel het? -- Korrek.

En wat u toe gevonnis is? -- Dit is korrek.

Is dit dan ook korrek dat toe u gevonnis is was dit as gevolg van verskillende aangeleenthede waarvoor u toe aange-kla is, want ek die indruk is dalk geskep deur die

ondervraging/...



ondervraging-in-hoof dat dit uit een aangeleentheid uit ontstaan het, maar dit is nie korrek nie? -- Nee, dit is drie moordaanklagte waarvan twee op een stadium en een op 'n ander stadium en dan die drie motordiefstal aanklagte.

En die een moordaanklag, kan u net weer vir ons die datums gee van die twee? -- Dit is 20 Augustus 1982 en 3 Februarie 1983. Ek moet onder korreksie praat. Ek is nie doodseker nie, maar

dit is ongeveer daardie datum.

En dan ses maande later, ek dink ongeveer in Junie wat daar weer, was dit 'n moordaanklag of 'n poging tot moordaan-klag? -- Nee, dit was 'n moord en 'n poging tot moord op die een. Ek was op twee moorde aangekla by die een voorval. By die ander voorval was dit een moord. Daar was net die drie voorvalle.

So daar was drie voorvalle van moord? -- Dit is korrek.

<u>VOORSITTER</u>: Nee, hy sê twee van moord en een van poging tot moord. -- Nee, ek is skuldig bevind aan poging, maar ek was aangekla oorspronklik van moord.

<u>MNR. LUITINGH</u>: En as gevolg daarvan is u toe gevonnis tot was dit 20 jaar gevangenisstraf waarvan 14 samelopend was? -- Korrek.

Waar was u toe in die gevangenis gewees? -- Ek was eers vir twee-en-'n-half maande by Diepkloof Gevangenis voordat ek oorgeplaas is na Pretoria-Sentraal Gevangenis waar ek my straf voltooi het.

Nou mnr. Theuns Kruger het u hom voorheen geken? -- Nee, ek het hom in die gevangenis geleer ken.

Wat was die opset gewees, was hy in u sel gewees of was hy naby u gewees of hoe het u hom leer ken? -- Op een stadium het ons op dieselfde vloer gebly ongeveer so vyf of ses selle

van/...



van mekaar af vir ongeveer 'n tydperk van 18 maande lank.

Ja, het u hom goed leer ken gedurende daardie tyd? -- Ek het hom goed leer ken.

Hy het 'n vriend van u geword? -- Korrek.

Het u geweet waarvoor hy in die tronk was? -- Ja, dit was algemene kennis.

Wat was dit? -- Vir 'n bewering dat daar 'n moord sou gepleeg gewees het in die operasionele gebied en dat hy 'n opdrag gegee

het dat 'n korporaal of 'n sersant iemand moes skiet en dat hy toe daaraan skuldig bevind is en die korporaal vyf jaar gekry het en hy 15 jaar wat later verlaag is na 12 jaar op appèl.

Ja. So hy is op moord skuldig bevind. Is dit korrek? -- Korrek.

En hoe lank van daardie periode wat hy in die gevangenis was, hoe lank het hy in die gevangenis gebly? -- Ek is nie doodseker nie. Ek weet mnr. Kruger het in die raamwerk geval van 'n spesiale weermag amnestie wat verleen is aan gevangenes op 'n sekere stadium - ek weet nie of dit met die 75ste bestaansjaarvieringe was of die 100-jarige bestaansvieringe nie, maar hy het tyd afgekry daar. Ek dink amper hy het omtrent 38 maande gedoen, maar ek is nie doodseker nie.

Van die 12 jaar? -- Van die 12 jaar.

Het u ooit met hom 'n bespreking gehad oor parool en oor die moontlikheid om uit die gevangenis uit te kom? -- Gereeld, elke dag.

Het hy u ooit bygestaan in pogings om u uit die gevangenis te kry? -- Nee, hy was te besig met sy eie dinge om homself te probeer uit die gevangenis te kry en so ook ek. Elkeen van ons het maar op ons eie manier probeer kanale

navors/...



navors hoe ons kon vrygelaat word op die vroegste moontlike datum.

Is u parool gegee? -- Ek is parool gegee.

Dit is na ongeveer 50% van u vonnis wat u uitgedien het? -- Korrek, tot op die dag en datum het ek drie jaar van die ses jaar vonnis voltooi.

Toe u die aansoek gedoen het was daar 'n bespreking gewees met betrekking tot 'n betrekking wat u sou gehad het? -- Ja, daar is 'n werkverskaffingsbeampte in die gevangenis aangestel.

Indien 'n mens op parool vrygelaat word, moet hy seker maak dat die persoon wat geparoleer word wel 'n werk gaan hê, 'n vaste werk waar hy gaan heengaan. Sonder dat jy geëmplojeer word kan jy nie vrygelaat word op parool nie. Ek het toe twee of drie werksaansoeke wat van buite af gestuur was per brief aan die werkverskaffingsbeampte oorhandig en ek het toe een van die drie gekies wat toe my betrekking sou wees as ek die gevangenis verlaat.

En hoe lank nadat u uit die gevangenis uit is, is u deur die BSB opgeneem? -- Ek is vanaf 1 Junie 1988 aangestel as 'n lid van die BSB.

Ja, het die BSB enige betrokkenheid gehad by u vrylating en of aansoek by die paroolraad deur middel van werkver-skaffing of enige ander middel? -- Nee.

Nou hoe het dit gekom dat u by die BSB aangesluit het? -- Mnr. die Voorsitter, ek is op 'n stadium een oggend by my woonstel, ongeveer 06h15 geskakel deur 'n persoon wat sy naam aan my gegee het as Jack. Hy het aan my gesê dat hy 'n tipe werk vir my het wat meer in my lyn sal wees, aangesien ek op daardie stadium met verskeie persone, vriende van my bespreek het dat ek meer in 'n ondersoeklyn belangstel, private

ondersoek/...



ondersoek sou wou doen en dat hy my 'n diensbetrekking kon aanbied en toe het hy 'n bestelling gemaak om my te sien in Pretoria.

Ja en toe? -- En toe gaan ek na Pretoria die betrokke dag in die Holiday Inn in 'n kamer, wat vir my oor die telefoon die nomer van gesê is, 'n persoon ontmoet wat hy aan my geïdentifiseer het as Jack van Staden en die betrokke persoon het my 'n diensbetrekking aangebied waarin hy vir my gesê het dat ek 'n inligtingstruktuur sal moet daarstel. Ek moet weer my ou kontakte gebruik in die onderwêreld, want dit was alge-meen bekend

dat ek baie sterk kontakte daar gehad het onder internasionale smokkelaars en dies meer om sodanige struktuur daar te stel om inligting in te samel.

Is Jack van Staden dieselfde persoon as Louis? -- Ek weet nie.

U het Louis geken nie waar nie? -- Ek het Louis geken.

Nou het u nie vir Jack van Staden ontmoet by die, het ek u verkeerd verstaan? -- Ek het hom gesien. Nee, ek het u verkeerd verstaan. Ek het gedink u sê Joe Verster. Ja-nee Jack van Staden en Louis is verskillende persone.

Ja, u het op 'n tyd die naam Jack van Staden gebruik. Is dit waar? -- Nee, dit is nie waar nie.

In verband met die Pagernommer wat was die naam wat u gekontak is deur die pager? -- Hermanus Jakobus van Staden.

O, H.J. van Staden? -- Korrek.

Dié mnr. Van Staden, het u enige verdere inligting oor sy identiteit? -- Nee.

Wie is, het u hom ooit weer gesien? -- Nee, ek het hom nie weer gesien nie. Ek het hom by twee geleenthede gesien tydens my werwing en nie weer daarna nie en wie was die

volgende/...



volgende persoon wat u ontmoet het of liewer laat ek vir u vra: Het hy vir u verduidelik watter tipe werk u sou doen? -- In die breë ja, nie in detail nie op daardie stadium.

Wat het hy vir u gesê in die breë? -- Hy het net vir my gesê dat ek inligting sal insamel oor vyande van die staat wat reeds geïdentifiseerde vyande is.

Het hy dit vir u geïdentifiseer? -- Nee, hy het nie kwalifiseer wie presies hy as vyande beskou nie.

Het u vir hom gevra? -- Nie op daardie stadium nie, nee.

Al wat ek aan hom gevra het was, ek wil nie by 'n verregse-organisasie of 'n onwettige organisasie betrokke raak nie.

Het hy vir u gesê dat die staat u sou aanstel? -- Korrek.

En desnieteenstaande het u hom nie gevra wie die vyande van die staat was nie? -- Nie op daardie stadium nie, nee.

Ja en wat het hy gesê wat sou gebeur? -- Ek sou weer ge-kontak word by dieselfde kontaknommer en ek is nie 'n kontak-nommer verskaf van mnr. Van Staden nie.

Ja en toe? -- Na 'n tydperk is ek weer geskakel deur dieselfde persoon, hy het weer met my 'n bestelling gemaak om hom te sien, ek het hom gaan sien en tydens dié gesprek het ek 'n persoon ontmoet wie aan my voorgestel was as Johan.

Kan ek net vra was daar enige ander persone wat saam met u in die tronk was waarmee u later in die BSB gewerk het? -- Nie sover my kennis strek nie, nee.

Ja en toe wat het met Johan gebeur? -- Ek het toe eers met Jack van Staden gepraat, toe later het hy vir Johan laat in die kamer inkom en hom aan my voorgestel as die sekuriteitshoof waarop Jack van Staden die vertrek verlaat het en Johan met my 'n gesprek gevoer het oor my agtergrond, my polisie-agtergrond, my ouers se agtergrond, my broers, alles

van/...



van my wou hy weet. Hy het omtrent 'n twee uur onderhoud met my gevoer.

Het hy met u gepraat oor die feit dat u moorde gepleeg het? -- Korrek, hy het my uitgevra daaroor.

Ja, wat was sy houding daaromtrent, was dit 'n kwalifikasie wat hy gesoek het? -- Nee, hy het nie vir my so gesê nie, hy het my net gevra wat die omstandighede was, ek het dit aan hom

verduidelik en hy het dit so aanvaar, op die oog af. Johan het toe aan my gesê dat hy nou gaan vertrek en dat hulle my weer op 'n latere stadium sal kontak, maar ek moet intussen solank begin kyk vir myself vir 'n dekking, 'n tipe werk wat ek gaan doen dat wat die algemene lid van die publiek my sien moet hy weet hoekom vlieg ek rond en hoekom ek 'n mooi kar ry of 'n nuwe kar ry en so, ek moet solank begin dink aan watter verskonings gaan ek aanbied as my vriende my vra en dies meer. Ek sal gekontak word en ek is geen kontak-nommer verskaf nie.

En dié persoon, dié Johan het u hom weer gesien? -- Ek het hom nooit weer gesien nie. Op 'n latere stadium, ek kan nie onthou hoe lank nie, ongeveer miskien 'n maand daarna is ek weer gekontak vroeg in die oggend, die persoon wat ek geken het as Jack, ek het sy stem herken en daar is 'n verdere be-stelling met my gemaak by die Holiday Inn in Milpark wat ek nagekom het. Daar het ek 'n persoon ontmoet wat aan my voorgestel is as Louis. Ek is gesê dat ek toegelaat is tot die organisasie. Daar is nooit aan my die naam op daardie stadium genoem BSB, Spesiale Magte nie. Ek het vermoed dit is Militêre Intelligensie of Nasionale Intelligensie wat my nader.

Het u ooit gevra daaromtrent? -- Ek het gevra daaromtrent

en/...



en hulle het gesê dit sal later aan my duidelik gemaak word.

Ja. -- Ek was tevrede dat ek nie by 'n onwettige organisasie betrokke is nie. Toe is daar 'n geluk gewees, ek is gesê dat ek nou aangestel word, daar is 'n salaris-kontrak aan my voorgelê deur 'n persoon genaamd Louis ... (tussenbei)

Wanneer was dié? -- Ekskuus?

Wanneer was dié? -- Dit was op die laaste geleentheid. Dit was ongeveer net so voor 1 Junie sou ek sê en by dié geleentheid

het ek die salariskontrak onderteken en toe was ek nou 'n lid van die organisasie.   Daar is aan my gesê dat ek Jack nie weer sal sien nie en ook nie vir Johan nie.

U sal van nou af met Louis ....? -- Alle opdragte van hom ontvang en met hom werk.

Ja en toe hoe het u met Louis in kontak getree? -- Ek het nie 'n kontaknommer van Louis gehad nie, hy het my gekontak.  Hy het my aangesê om 'n radiopager te gaan huur, maar op vals besonderhede, op nie terugspoorbare besonderhede en dan sal hy my weer gekontak het binne 'n paar dae of 'n week, ek kan nie onthou presies die tye nie, ek het nie soveel notisie daarvan geneem nie en dan moet ek die nommer aan hom verskaf en dan sal hy sodoende met my in verbinding tree deur middel van dit.

Ja en toe het hy? -- En toe het dit so gewerk, ja.

En wat was die opdragte wat jy van Louis gekry het, wat was jou verhouding met hom gewees? -- Ek het verskeie opdragte van hom gekry.   My eerste opdragte was van 'n meer administratiewe aard en meer grondwerk om te doen.   Ek moes my besigheid of blou plan soos dit bekend gestaan het moes ek van die grond af kry, ek moes dit stig.

Watter was dié? -- Ek het gewerk as 'n risikowaardeerder

in/...



in ondersoeke vir ACA Versekeraars Beperk, die plek waar ek vantevore gewerk het, het ek sekere ondersoeke gedoen en sekere privaatondersoeke soos ek van tyd tot tyd gekry het.   Ek moes, soos ek gesê het, ek het die pager gehuur, ek moes die voertuig aankoop.

So het u by ACA gaan werk? -- Ek het 'n kantoor daar vir myself gemaak, ja, korrek.

En wat het u vir hulle gesê? -- Ek het onafhanklik

gefunksioneer. Ek het slegs risikowaarderings gedoen teen betaling wat ek nog altyd in die verlede vir hulle gedoen het en sekere ondersoeke wat ek vir die direkteure gedoen het wat probleme binne in die maatskappy ontstaan het.

Ja en met wie het u geskakel by ACA? -- Mnr. Willie Smit onder andere.

VOORSITTER: Mnr. Luitingh, dit is alles vreeslik interessant, die storie, maar dit help my niks in my ondersoek nie.

MNR. LUITINGH: Ja-nee, ek weet u sê dit altyd ten opsigte van my kruisondervraging.

VOORSITTER: Mnr. Luitingh, mnr. Luitingh, as u nie gaan berus by my beslissings nie ... (tussenbei)

MNR. LUITINGH: Ek moet dit uit die aard van die saak doen.

VOORSITTER: Dan kan u dit beleef doen sonder daardie opmerking.

MR LUITINGH: Mr Chairman really, I do not think courtesy has been invited to this particular party, particularly as your attitude towards certain members .... (intervenes)

THE COMMISSION ADJOURNS FOR LUNCH. THE COMMISSION RESUMES AFTER LUNCH.

FERDINAND BARNARD, nog steeds onder eed:

K55 VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. LUITINGH: Kan ek aanvaar

dat/...



dat daar goeie gesindheid dan geheers het tussen u en mnr. Smit, mnr. Willie Smit? -- Tot op 'n sekere stadium, ja. Ons het 'n argument agterna gehad. Ek het 'n bietjie rondgetrek aan sy das daar agter in die erf mnr. die Voorsitter.

Watter stadium was dié? -- Dit was op 'n stadium nadat ek reeds nie meer by hom gewerk het in diens van ACA nie, maar steeds 'n kantoor daar gehad het.

Ja, kan u vir my 'n datum gee asseblief, min of meer, net

Junie, 'n maand miskien, Junie, Augustus 1989, wanneer was dit? -- Nee, ek sal dit ongelukkig nie kon doen nie. Ek sou moet heeltemal raai.

Naastenby? -- Ek sou sê so in die tweede gedeelte van 1988.

VOORSITTER: 1988? -- Ja.

MNR. LUITINGH: 1988? -- Ja, nadat ek alreeds by die BSB aangestel was, dit was 1 Junei 1988. So ek sou sê omtrent so 'n maand of twee daarna, maar ons het weer vriende gemaak agterna, maar ons was nie so naby soos eers nie.

En wanner het u nie meer by daardie perseel gewerk nie? -- Dit is vir my baie moeilik om te sê. Ek het 'n kantoor gehad wat ek van tyd tot tyd besoek het daar.

Ja en wanneer het dit opgehou? -- Ek sou sê so twee na drie maande nadat ek by die BSB diens aanvaar het, ongeveer Augustus. Ek raai net as ek dit sê.

1988, 1989? -- 1988.

1988 en waar was u gewees op 1 September 1989, 1 Mei? -- 1 Mei 1989?

Ja. -- Nee, ek kan nie onthou nie. Dit is vir my on-moontlik om te onthou waar was ek op 'n spesifieke dag.

Kan ek vir u vra watter tipe verhouding het u met Louis gehad/...



gehad, het u 'n goeie verhouding met hom gehad? -- Net 'n professionele verhouding. Partykeer het ons maar ons haak-plekke gehad.

Ja, het u Louis probeer kontak op 2 Mei? -- Ek het hom probeer kontak?

Ja. -- Nie wat ek kan onthou nie, nee.

Wel, kan u terugdink daaraan spesifiek? -- Ek dink terug, ek sê ek kan nie onthou nie.

Ja, is 2 Mei vir u enigsins 'n relevante datum? -- Behalwe dat dit die dag is nadat dr. David Webster vermoor is as u nou verwys na 1988, 1989.

Ja. -- Nee.

Ja, so die dag na Webster vermoor is het u vir Louis in die hande probeer kry? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan u onthou of u hom dalk by Florida Hills by die Florida-winkelsentrum het u hom dalk daar ontmoet, kan u onthou? -- Ek kan nie sê op 2 Mei nie, maar ek het hom al daar ontmoet by verskeie geleenthede.

Kon u hom daardie tyd ontmoet het? -- Dit is seker 'n moontlikheid, ja.

Is dit moontlik dat u hom gedurende of op 1 Mei probeer kontak het en dat u by u pagernommer, by die pagerinstansie boodskappe gelaat het om hom in die hande te probeer kry? -- Dit is moontlik, maar ek is nie bewus dat ek dit gedoen het nie.

Kan u onthou dat u ooit vir Louis op enige dag, drie of vier keer in die hande probeer kry het? -- Baie keer ja.

Spesifiek 1 Mei? -- Ek kan nie onthou nie.

Het u ooit vir mnr. Willie Smit gevra om vir u 'n alibi te wees vir 1 Mei? -- Nee, nooit nie.

Ek/...



Ek wil dit aan u stel dat daar, u het nooit vir mnr. Willie Smit gevra om vir u 'n alibi te staan vir 1 Mei nie? -- Nooit nie.

Ja, aangaande dr. Webster het u ooit aan enigiemand gesê dat u 'n betrokkenheid daarvan, dat u weet daarvan? -- Nee.

Kan ek vir u vra is u gevra in die ondersoek wat deur generaal Badenhorst gehou is oor dr. Webster? -- Ek het generaal Badenhorst tot vandag toe nog nooit ontmoet of ge-spreek telefonies of andersins nie.

Is u nooit gevra om na daardie ondersoek te kom nie? -- Nog nooit nie.

Wanneer is u, daar is 'n bewering dat u ontslaan is uit die BSB vir 'n ruk lank. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

En u het gesê dit is as gevolg van die McQuillan-projek? -- Korrek.

As gevolg van watter aspek van die McQuillan-projek? -- Ek is nie bereid om oor enige dinge van die McQuillan-projek te getuig nie. Dit beslaan 'n optrede in die buitelad, 'n projek wat heeltemal op die buiteland gerig was en ek is ge-adviseer deur my regspan dat dit nie binne die raamwerk van die Kommissie val nie. Ek wil geen besonderhede oor die Mc-Quillan-projek bekend maak nie.

Ek wil dit aan u stel dat my inligting is dat die rede hoekom u ontslaan is is omdat u vir die hele wêreld vertel het u is 'n agent en u werk by Spesmagte en dat derhalwe die om-standighede het u nutteloos geword. -- Ek kan u nie daarop antwoord nie. Ek weet nie waar u dié inligting vandaan kry nie.

Is dit waar of is dit nie? -- Dit is vals.

Het dit as gevolg van die McQuillan-projek bekend geword

dat/...



dat u werk by Spesmagte? -- Ek weet nie.

Is dit nie die rede hoekom u afgedank is nie? -- Ek is nie so 'n rede gegee nie.

Nou wat is die rede wat u gegee is? -- Die rede wat aan my gegee is, is dat die McQuillan-projek afgelas word as ge-volg van 'n politieke rede en dat daar nie meer voortgegaan moet word nie en dat ek alle verbindinge met McQuillan moet breek.

En dit is uit die aard van die saak uit die buiteland omdat hy in Zimbabwe gebly het nie waar nie? -- Ek weet nie of dit is

oor waar hy gebly het nie. Ek kan nie dit vir u sê nie.

Maar hy het in Zimbabwe gebly? -- Korrek.

Ja, so dit het niks betrekking op wat in Suid-Afrika gebeur het nie, in die binneland gebeur het nie? -- Korrek.

Nou hoekom sou u dan ontslaan moes wees hierso in Suid-Afrika.

<u>VOORSITTER</u>: Was u ontslaan of geskors? -- Dit is aan my gestel dat ek op die ys geplaas word. In die taal van die BSB beteken dit dat jy nie aktief aangewend word nie, jy werk net met jou blou plan. Ek is op die ys geplaas vir 'n onbe-perkte tydperk en toe kom my koördineerder, Louis ... (tussenbei)

Maar as 'n mens nou op die ys geplaas is, kry jy nog jou salaris? -- Jy kry nog jou salaris.

O-nee, dit is al wat ek wil weet. Ekskuus, so dit is nie 'n ontslag nie, dit is 'n skorsing.

<u>MNR. LUITINGH</u>: Want ek wil dit aan u stel of laat ek so - is u, u is in einde Februarie is hierdie skorsing of ontslag het dit gebeur, nie waar nie? -- Ek sou sê Februarie/Maart. Ek is

nie/...



nie doodseker nie, 1989.

Ja en Louis is die persoon wat betrokke was. Is dit nie so nie? -- Korrek.

En wat was, watter reëling het hy met jou getref, hy het vir jou 'n maand verlof gegee. Is dit nie waar nie? -- Nie verlof nie.

Het hy u nie 'n maand se verlof gegee en 'n maand se salaris nie? -- Ek dink ek het drie maande se salaris ontvang.

Ja en wat sou daarna gebeur? -- Daarna is ek op 'n latere stadium deur hom gespreek, ek dink die einde Junie, deur Louis gespreek, toe het hy aan my gesê dat ek in die buiteland aan-gewend sou word, ek tans 'n te hoë profiel het om in die binneland aangewend te word en ek moes 'n keuse uitoefen wat ek toe gedoen het.

Te 'n hoë profiel in die binneland? -- Korrek.

As gevolg waarvan? -- As gevolg van my bekendheid, as gevolg van die feit dat baie polisiemanne my ken, ek kan nie observasie doen soos ek normaalweg moet doen nie en as gevolg van die McQuillan-projek wat op sekere plekke uitgelek het, nie by my nie.

So u het gepraat oor die McQuillan-projek? -- Ek het reeds vir u nou net gesê dit het nie by my uitgekom nie.

Waar het dit uitgekom? -- Dit kan net van McQuillan afkom, wie anders, dit was die redes.

En het hy u weer na Junie, het hy u gekontak? -- Nee, ek het nooit weer van hom gehoor nie.

Het u ooit weer geld ontvang? -- Nee, ek het my laaste geld ontvang ... (tussenbei)

Salaris, ek bedoel maandelikse salaris? -- Nee.

<u>VOORSITTER</u>: U sê hy het vir u 'n keuse gegee. Die keuse was

aan/...



aan die een kant dat u in die buiteland aangewend word. -- Korrek.

En wat was die ander alternatief? -- Die ander alternatief was - die vooruitsig wat vir my gestel was is dat ek nie in die onmiddellike toekoms in die binneland gebruik sou kon word nie, dit het uiter aard veroorsaak dat ek dan seker ook nie sou betaal word nie en ek het toe aan hom gesê ek kom nie lank terug uit die gevangenis uit nie, ek is nou maar besig om my bande met my mense weer sterk op te maak en my sport weer op te tel waar dit agtergelaat was en so, ek sien nie kans om op hierdie stadium vir 'n aantal jare in die buiteland te gaan opereer en daar myself te gaan vestig nie. Ek was in die proses om 'n huis te koop en so ... (tussenbei)

Het u bedank of wat? -- Ja, dit was 'n tipe van 'n wedersydse ooreenkoms dat ek dan nie verder sou aangewend word nie.

Met ander woorde is u toe, het u toe u verbintenis met BSB verbreek? -- Korrek.

U het nie meer salaris gekry nie? -- Nee, ek het my laaste salaris wat ek ontvang het, was drie maande se salaris gewees.

Nou wanneer het u u laaste salaris gekry? -- Dit was die einde, nee, as ek reg onthou ek het salaris ontvang vir drie maande en toe in Junie het Louis my weer 'n bedrag gegee, ek kan nie presies onthou nie. Ek dink dit was R9 000 of R12 000. Ek het aangebied om die voertuig terug te gee, hy het gesê nee, hy stel nie belang op hierdie stadium daarin nie hy gaan my miskien weer kontak het hy aan my gesê. Ek het nie weer van hom gehoor nie.

MNR. LUITINGH: So ek is jammer, ek wil net hierdie ooreenkoms

of/...



of die reëling wat u met hom getref het, sekerheid daaroor kry. Einde Februarie of begin Maart het hy vir u gesê dat hulle wil u nie meer in die land aanwend nie. Is dit korrek? -- Korrek.

En dat hy het op daardie stadium vir u 'n maand se verlof gegee of het hy vir u drie maande se salaris gegee? -- Drie maande se salaris.

Op daardie stadium? -- Korrek.

En dit is nou einde Februarie toe sê hy vir u dat hy sal u weer kontak. -- Ja, hy het gesê hy sal my weer kontak.

Ja en het hy u weer gekontak? -- Ja om en by Junie soos ek sê, die einde van Junie.

Ja nie voor dit nie? -- Nie wat ek kan onthou nie, dit is moontlik.

Ek wil dit aan u stel dat hy u gesien het 2 Mei? -- Ek het aan u reeds gesê dit is moontlik. Ek kan nie onthou nie. Ek het nie 'n dagboekie in my kop nie.

En indien hy u dan sou afbetaal einde Februarie waarom sou u hom 2 Mei gesien het, want hy het vir u 'n salaris gegee vir drie maande en hy sou u dan weer kontak. So om watter rede sou hy vir u gesien het 2 Mei? -- Af, om sommer vir u een rede dadelik te noem uit die hand uit, is die voertuig, die voertuig wat ek nog in my besit gehad het van die BSB.

Maar u het dit uit die aard van die saak met hom bespreek toe hy u afgedank het of geskors het? -- Ek het dit met hom bespreek en hy het gesê hy sal terugkom na my toe. Nou sit ek met 'n voertuig wat nie aan my behoort nie.

En u is besorg daaroor, u wil vir hom die voertuig terug-gee? -- Dit is moontlik.

U wil nie die voertuig hê nie? -- Ek het nie gesê ek wil

hom/...



hom nie hê nie. As hy aan iemand anders behoort het ek darem net die integriteit en die lojaliteit om daardie terug te gee aan wie dit behoort.

O-ja. -- Korrek.

En het u dit toe vir hom teruggegee?-- Nee, ek het nie.

Wat was die reëling daaromtrent? -- Die reëling daar-omtrent was dat hulle dit nie wou teruggehad het nie.

O, ek sien. Het u dit vir hom aangebied in Februarie? -- In Februarie, ja, ek sou sê Februarie, Maart.

En toe sê hy hy sal u weer kontak, so u kan maar die voertuig hou tot tyd en wyl hy vir u kontak? -- Dit is reg.

En hier op 2 Mei voel u 'n groot nood om die voertuig vir hom terug te gee en u besluit op daardie stadium dat u hom gaan kontak.

MNR. GOOSEN: Met respek hy het nooit gesê hy het die man op 2 Mei gesê nie. My geleerde vriend beskik waarskynlik oor feite

dat hulle mekaar gesien het. Mnr. Barnard sê hy weet nie of hulle mekaar 2 Mei gesien het nie.

MNR. LUITINGH: Ja, ek sal dit opklaar. So u weet nie of dit juis 'n rede is nie. Die teruggeee van die voertuig nie? -- Ek kan nie onthou nie, ek het u reeds gesê.

Kan u onthou vanaf die tyd wat u aangestel is, dit is, dit was Junie 1988 né? -- Korrek.

Tot ongeveer daardie tyd was u met die McQuillan-projek besig en ons laat dit nou daar, aangesien u sê dit was 'n buitelandse projek. Wat anders het u gedoen gedurende daardie agt maande? -- Vanaf wanneer tot en met my ontslag.

Junie tot Februarie wanneer u geskors of afgedank is? -- As ek u kan verwys na my verklaring. Ek het 'n inligtings-kanaal daar gestel en beriggewers gewerf wat inligting sou

kon/...



kon verskaf met die oog op buitelandse optrede teen vyande van die Republiek.

Het u, met betrekking tot buitelandse kanale? -- Korrek.

Het u met 'n inligtingskanaal gewerk met betrekking tot Suid-Afrikaanse aangeleenthede? -- Wel ek weet nie. Ek het nooit of baie selde self die beriggewers wat ek gewerf het hanteer. Ek het hulle gewerf, hulle besonderhede in die sisteem ingevoer en daar is nooit aan my gesê ... (tussenbei)

Vir wie? -- Vir Louis, daar is nooit aan my gesê of die persoon bedryf word nie. Ek kry net 'n opdrag en sê bly weg van die persoon af, kontak hom nie weer nie, dan doen ek dit.

En met betrekking tot Chikane wat was die inligting wat u gewissel het met Louis daaromtrent? -- Ek het geen inligting met betrekking tot Chikane gewissel nie, behalwe 'n lys wat Louis op 'n stadium aan my oorhandig het waarop ek Chikane se naam gemerk

het as een van die persone bekend aan my.

Waar u die lys gemerk het? -- Korrek.

Ja. Kan ek u net vra, ten opsigte van die aanstelling-sertifikate en die paspoort wat u dan van Louis sou kry,kan ons net duidelikheid daaroor kry? -- Ja, dit is valse be-werings wat ek aan die Suid-Afrikaanse Polisie gemaak het.

Daar was nie aanstellingsertifikate nie? -- Nee.

En ten opsigte van die paspoort? -- Ek het geen paspoort ontvang nie, want ek het binnelands geopereer.

Nou die bewerings wat u gemaak het ten opsigte van Louis, soos onder andere die Basie Smit bewering, dit is ook vals nie waar nie? -- Dit is vals.

Nou al die bewerings wat u gemaak het ten opsigte van Louis wat vals is, het u nou reeds geopenbaar? -- Nee, ek kan nie so sê nie.

Maar/...



Maar is daar enige ander bewerings wat u gemaak het wat vals is wat ons behoort te weet oor? -- Nie wat ek uit die vuis uit kan onthou nie, miskien as u my 'n spesifieke een vra kan ek duidelikheid vir u gee.

Wat van byvoorbeeld die bewering dat, wel, laat ek dit so stel: U het, seer sekerlik is u deur die beëdigde verklaring van generaal Badenhorst geneem met u regsverteenwoordigers, nie waar nie? -- Ek het hom deurgelees.

Ja en daar is sekere bewerings omtrent u in daardie ver-klaring nie waar nie? -- Korrek.

En die bewerings in daardie verklaring wat vals is, het u gesê is vals onder andere die Basie Smit is 'n goeie voorbeeld? -- Dit is reg.

So wat van die bewering byvoorbeeld dat u na bewering op 'n

stadium met Louis was toe hy 'n boodskap ontvang het dat dr. Webster op 'n bus was en dat daar 'n sekere aksie teen die bus geneem is en dat hy toe verneem het dat dr. Webster inder-daad nie op die bus was en dat hy teleurgesteld sou gewees het? -- Daar is nooit sulke feite tot enigiemand se beskikking gestel deur my nie. Wat ek wel aan die polisie gesê het is dat ek vermoed, ek het 'n berig gelees oor die bus. Nadat ek met die bus gekonfronteer was, die voorval van die Delmasbus... (tussenbei)

U het aan die polisie gesê? -- Ja, want hulle het by my aangehou oor Webster, Webster van die môre tot die aand. Toe het ek aan die polisie gesê dat al wat ek moontlik kan ver-bind met daardie bus is as hulle kan vasstel Webster moes op die bus gewees het en wanneer die busvoorval plaasgevind het kon dit moontlik 'n verband gehou het omdat die bus van Wits Universiteit af op pad was en ek het gesê dit is bloot

spekulasie/...



spekulasie. Ek het dit so in my artikel 29 verklaring aan hulle gesê. Ek het geen feite tot hulle beskikking gestel waarop daardie gronde berus het wat ek gesê het nie.

Wat u sê wel waar is, is dat u op 'n stadium met Louis was toe hy 'n boodskap gekry het in verband met 'n bus wat van Wits af gegaan het en dat hy teleurgesteld was dat 'n sekere persoon nie op die bus was nie. Is dit dan ten minste ...? -- Nee, dit is ook nie korrek nie.

Wat is korrek? -- Wat korrek is, is wat ek nou net vir u vertel het.

Wel ek verstaan dit nie. Wat omtrent daardie verklaring is korrek? Was u op 'n stadium met Louis in 'n kamer toe hy 'n boodskap gekry het? -- Nee.

Het u dit aan die polisie gesê? -- Ek het dit aan die polisie

gesê.

Wat was die rede daarvoor? -- Omdat Louis se werklike identiteit nie bekend was nie en om druk op myself te verlig het ek gesê ek het dit gehoor van Louis af.

Ja, nou hoekom wanneer u u beëdigde verklaring opgestel het, wat u nou vir die Kommissie gegee het, het u nie net daarmee gehandel en gesê dit is onwaar nie? -- Omdat hier in hierdie beëdigde verklaring nou net die waarheid staan.

Ja, maar hoekom het u nie gesê dat daardie aspek is nie waar nie? -- Omdat ek gehandel het met dit wat die waarheid is.

Nee, u het ook gehandel met wat uit die aard van die saak nie ook waar is nie, soos byvoorbeeld die Basie Smit aangeleentheid. -- Ek het nie daarmee gehandel nie ... (tussenbei)

U het pertinent gesê dit was onwaar. -- Nadat mnr.

McNally/...



McNally my dit gevra het. Ek het nie gehandel met dit in my verklaring nie.

Ek sal later daarnatoe terugkom.

MNR. GOOSEN: Daar was geen melding van generaal Basie Smit in sy beëdigde verklaring nie.

MNR. LUITINGH: U het dit dan in u getuienis-in-hoof - u het melding gemaak daarvan in u getuienis-in-hoof? -- Dit is korrek op navraag van mnr. McNally.

MNR. GOOSEN: Mnr. die Voorsitter mag ek sê mnr. McNally het alles wat hy nie hanteer het in sy beëdigde verklaring nie, maar wat in die artikel 29-verklarings opsigtelik was het hy in hoofgetuienis gelei en mnr. Barnard se kommentaar daaroor gevra.

VOORSITTER: Ja.

MNR. LUITINGH: Ja, ek dink dit is korrek. Behalwe dat hy het nie met die Webster busvoorval gehandel nie.

MNR. GOOSEN: Wel dit is nie mnr. Barnard se skuld nie.

VOORSITTER: Die punt wat die advokaat maak is, dit is mnr. McNally se skuld, nie mnr. Barnard se skuld nie.

MNR. LUITINGH: U is deur Louis gesê dat as gevolg van die profiel is dit beter indien u nie aangaan met u werk in Suid-Afrika nie. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Ten spyte daarvan het u tog weer deur die agterdeur by die BSB aangesluit, nie waar nie? -- Ek weet nie wat u bedoel ... (tussenbei)

As 'n onbewustelike lid. -- Ek kan nie vir u daarop antwoord nie. Ek was deurentyd bewus, soos u sien in my verklaring, of onder die indruk dat daar wel persone gemagtig was om my te skakel. Ek verwys hier na Slang van Zyl en Calla Botha. Ek het nie gedink ek wil by die agterdeur

inglip/...



inglip nie. Ek het gedink ek word van 'n anderkant af nou net weer genader.

Het u vir hulle gesê dat u voorheen met Louis gewerk het? -- Ek het nie Louis se naam genoem nie, nee.

Het u vir hulle gesê dat u het vir hierdie organisasie gewerk en u is meegedeel dat u behoort nie binnelands op te tree nie? -- Nee, ek het nie.

Hoekom nie? -- Omdat niemand my gevra het nie. Hierdie hele organisasie se optrede berus op 'n "moet weet basis". Wat Slang van Zyl nie moet weet nie gaan ek nie vir hom vertel nie.

Maar uit die aard van die saak is u as 'n gevaar bestempel op daardie stadium vir die organisasie. Hoekom het u dit nie bekend gemaak aan Slang van Zyl nie? -- Die politieke situasie kon verander het, omstandighede kon ver-ander het, besluite kon

bo geneem gewees het wat kon verander het, hoe moet ek weet.

Het u profiel verander? -- Nee, hy het nie.

Dit was die gevaarpunt was dit nie, het u vir Slang gesê hier is 'n probleem met betrekking tot my? -- Ek het reeds gesê ek het dit nie vir hom gesê nie.

Maar hoekom nie? -- Omdat ek nou net vir u gesê het ek het gedink ek word genader vanuit 'n ander kant af, ek was nog nie op daardie stadium bewus vir watter tipe werk ek aangewend sou word nie.

Hoekom het u nie seker gemaak nie? -- Ek ... (tussenbei)

Dit is 'n ooglopende vraag wat u vir hom moes gevra het. -- U sê dit is 'n ooglopende vraag.

Ja. -- Ek sê nou vir u ek het hom nie gevra nie. Maak maar watter afleiding u wil.

Omdat/...



Omdat u geweet het u gaan weer by die BSB werk ten spyte van die feit dat u 'n gevaar was vir die organisasie. -- Ek het nie gesê ek het nie geweet ek werk vir die BSB nie, ek was deurentyd bewus ek is weer by die BSB betrokke.

En dit is teen die wense van die instruksies wat Louis vir u gegee het? -- Ek kan nie sê of die instruksies intussen verander het nie, ek weet nie. Ek het nie skakeling met die topstruktuur gehad nie.

VOORSITTER: Wou u nie probeer om weer as 'n gewone lid van BSB uself of altans u posisie te herstel by BSB nie? -- Ek het nie Slang van Zyl genader nie, hy het my genader. Omdat dit so geskied het, het ek gedink dit kom van die organisasie-kanale af, van bo af.

Nee, maar wat ek by u wil weet is, het u 'n begeerte gehad om weer by BSB ingeskakel te word? -- Ja, ek het geen probleem

daarmee gehad nie, ek sou ... (tussenbei)

Nee, ek vra het u 'n begeerte gehad? -- Ja, ek het.

En het u gevoel dat u skorsing of afdanking, ek is nie presies seker wat dit was nie in Februarie, Maart dat dit on-geregverdig was, dat daar nie genoeg gronde daarvoor was nie? -- Ek was ongelukkig, ja, ek was ongelukkig gewees daaroor in dié sin dat ek het geweet die probleem het nie by my ontstaan nie.

Ja, nou wou u uself weer bewys? -- Nee, ek sou nie dit sê nie. Ek sou net in die toekoms versigtiger wees.

Ja, maar voordat daar 'n toekoms kon gewees het, moes u u seker eers bewys om opgeneem te word. -- Wel, ek het geen bewyse gelewer nie. Ek was genader en soos ek vir u reeds gesê het ek was begerig om weer saam met hule te werk wat ek toe gedoen het.

MNR. LUITINGH:/...



MNR. LUITINGH: Wat het u gedoen in die tyd vandat u afgedank is tot en met die tyd wat die, byvoorbeeld 2 Mei of 1 Mei, dit is nou van Maart, April, wat het u gedoen gedurende daardie tyd? -- Ek het saam met 'n kennis van my privaatondersoeke gedoen en ek het gehoop dat die BSB my weer sou kontak. Die feit dat hulle nie die voertuig wou terugvat nie, was vir my die teken dat hulle nie alle kontak met my verbreek het nie.

Ja, u het gehoop dat die BSB u weer sou terugneem?-- Korrek.

Het u enige aktiwiteite gedoen wat u dalk sou gehelp het om hulle te oortuig dat u 'n waardevolle lid kon wees? -- Ek dink in daardie tyd het ek net met Acheson kontak gehad, wie ek geken het as Donald Dolan.

Ja.

VOORSITTER: Maar sê net dit vir my, wanneer het u bewus geword van die feit dat Slang van Zyl en Calla Botha by BSB is? -- Ek

sou, as ek moet sê 'n tyd, sou ek sê so ongeveer die einde van 1988 het ek bewus daarvan geraak.

Was u toe al bewus daarvan? -- Ja, toe was ek bewus daarvan.

Nou wanneer het julle die eerste keer, laat ek so sê het u ooit geweet dat mnr. Burger by BSB is? -- Ja, ek het dit geweet.

Van wanneer af het u dit geweet? -- Van dieselfde tyd af toe ek bewus geword het van Botha en mnr. Slang van Zyl.

Het hulle geweet dat u by BSB is? -- Ja, hulle het dit geweet.

MNR. LUITINGH: Wie was die persoon by wie u private ondersoeke gedoen het? -- Willy Knox.

En hy is die persoon wat u aan Dolan sogenaamd voorgestel

het/...



het. Is dit korrek? -- Korrek.

Watter tipe ondersoeke het u gedoen? -- Ons het onder-handel vir 'n kontak vir sekuriteit by 'n firma genaamd Roadwing en daar was een ander ding gewees wat ek nie nou kan onthou nie, wat ek sekere inligting vir hom oor bekom het.

Bedryf hy nog steeds hierdie besigheid? -- Hy bedryf dit nou voltyds.

Ken u vir Frikkie Barnard?-- Nee, ek ken hom glad nie.

Ken u vir Martin Hennig? -- Glad nie. Ek lees net van hulle in die koerante.

Het u ooit enige kontak gehad met persone van die Johannesburgse Stadsraad? -- Ek het 'n persoon geken met die naam van George Mitchell by wie ek 'n huis gekoop het wat vir die Johannesburgse Stadsraad gewerk het, vir 'n afdeling van hulle in Power Park in Soweto. Ek het hom ... (tussenbei)

Ja en hy was ook verbonde aan hulle sogenaamde sekuri-teitseenheid. Is dit reg? -- Korrek, ja.

En wat is die verhouding tussen u en Mitchell? -- Ek het hom

geken van die verlede af dat hy 'n speurder op die dwelmtak in Johannesburg was, maar ons was nie goed bevriend nie, dit was slegs op 'n professionele basis mekaar gesien en gegroet by tye en toe het ek hom vir baie lank nie gesien nie en toe het ek hom weer gesien tydens hierdie McQuillan voorval, hy en McQuillan was bevriend met mekaar ... (tussenbei)

En dit was Januarie of Februarie 1989? -- Korrek.

Dit is twee maande voor Webster dood is? -- Dit is korrek. Ek het hom toe weer gesien en toe op 'n latere stadium het ek met hom begin praat en hy het gesê hy wil sy huis verkoop, hy kan hom nie meer bekostig nie, ek het

belanggestel/...



belanggestel en ek het die huis by hom gekoop.

Aangesien julle nou al twee in die sekuriteitsbesigheid besig was het julle gepraat oor wat julle doen? -- Nie in detail nie. Ek het geweet wat hy doen en hy het vermoed dat ek betrokke was, hy het gedink by Militêre Intelligensiediens, maar ek het nooit aan hom enige feite verskaf nie en hy ook nie aan my nie.

En dit sou uit die aard van die saak vir hom van belang wees, want hulle het gerapporteer aan Militêre Intelligensie, daardie sekuriteitsafdeling van die Johannesburgse Stadsraad, nie waar nie? -- Ek weet nie wat vir hom belangrik sou wees nie.

Het u nie met hom daaroor gepraat nie? -- Nee, ons het geen detail gepraat oor wat ons werke behels het nie.

En wanneer het u u huis gekoop? -- Gedurende April 1989.

April 1989.-- Korrek.

So u het uit die aard van die saak baie met hom gekom-munikeer gedurende daardie maand? -- Ja, baie.

Ja. Kan u net vir my sê Calla Botha, waar het u Calla Botha vandaan geken? -- Ek ken Calla Botha al 'n geruime tyd. Ek sal

u sê ongeveer die beste deel van 16, 17 jaar. Uit rugby anale en so. Ons het albei rugby saamgespeel, eerste liga en so en later het hy 'n polisieman geword, ek het hom toe geken. By tye het ek hom vir lank nie gesien nie en ek het hom weer gesien nadat ek uit die gevangenis ontslaan was, toe was hy 'n lid van die Brixtonse moord en roofeenheid.

Slang van Zyl? -- Slang ken ek nie so lank nie. Ek het van hom geweet die tyd toe ek in die mag was, maar ek het eers nouer kontak met hom gehad. Ek het hom by die rugbyklub, Johannesburg polisie rugbyklub ontmoet. Ek sal sê hier

ongeveer/...



ongeveer hier in 1988 - Augustus, September, het ek hom ontmoet deur 'n wedersydse kennis en vandaar af het ek maar kontak met hom gehad.

En vir Chappie Maree?-- Chappie Maree ken ek van die tyd af wat hy by Brixton moord en roof 'n speurder was en ek 'n speurder by Narkotikaburo was.

Wanneer het u uitgevind dat daardie drie persone werk vir die BSB? -- Ek het nou-nou getuig ongeveer die einde van 1988.

1988 en u sê dat Slang het u genader? -- Ja, Slang het my genader.

Ja en wat het hy vir u gesê? -- Hy het my eers genader met 'n versoek dat ek in sy privaat speurdiensonderneming moet kom werk, hy het my 'n diensbetrekking daar aangebied wat ek van die hand gewys het. Ek het gesê ek sal op 'n deeltydse basis help.

Maar op daardie stadium het u reeds geweet hy werk vir BSB?-- Korrek en ek het vir hom gesê ek sal hom op 'n deel-tydse basis help.

En het u gedink dat u gaan op so 'n manier weer vir die BSB werk? -- Ek het dit in die vooruitsig gestel, ja.

Net kortliks ten opsigte van die verklarings wat u gemaak het, het u ooit 'n verklaring gemaak wat nie onder artikel 29 gemaak is nie? -- Nee, my verklarings is almal artikel 29-ver-klarings gewees.

Het u 'n verklaring gemaak aan kolonel Jumbo Smit? -- Korrek.

Was dit 'n artikel 29 verklaring? -- Ja, ek was onder artikel 29 aangehou toe ek die verklaring gemaak het.

Bruce White - u was saam met Calla Botha gewees toe hy gemonitor is? -- Korrek.

Het/...



Het u sosiaal met Calla Botha verkeer? -- Op 'n byna daaglikse basis, ja.

En waarom was u met hom gewees op daardie aangeleent-heid? -- Ek was by twee of drie geleenthede saam met hom toe die betrokke persoon gemonitor is. Ek en Calla Botha het op 'n daaglikse basis, twee maal 'n dag saam geoefen vir die komende rugbyseisoen. In die oggend het ons saam gaan hardloop en in die middag het ons saam gimnasium gedoen en toe kom hy op een stadium by my aan en toe sê hy vir my hy moet 'n ou monitor ons kan nie gym toe gaan nie. Hy het 'n opdrag gekry om'n ou te monitor of ek hom sal vergesel en dan kan ons op die hoek van die straat staan en gesels en dan sal dit nie so "obvious" lyk as een ou nou alleen staan nie en ek het hom toe vergesel. Ek het die aand saam met hom gegaan, die volgende oggend en die volgende middag, as ek reg kan onthou.

Het u vir hom gesê, wie is die persoon? -- Ja, ek het hom gevra.

U het hom gevra wie is die persoon? -- Ja.

Hoekom? -- Omdat ek wou weet vir wie gaan ons kyk.

Hoekom wou u weet? -- As ek nou daar op die hoek van die straat

staan en hy staan nou en kyk vir wie moet ek kyk?

Met ander woorde u het ook vir Bruce White gemonitor? -- Ja.

Het u vir hom gevra hoekom monitor ons die man? -- Ek het hom gevra. Hy het aan my gesê dat hy opdrag gekry het van iemand in sy streek, dat hy gemonitor moet word omdat hy UDF bedrywighede ... (tussenbei)

UDF bedrywighede ...? -- Korrek.

En wat spesifiek? -- Niks meer spesifiek nie.

En wat sou die monitering behels? -- Sien met watse

voertuig/...



voertuig die betrokke persoon ry en of hy met enigiemand skakel.

Nou hoekom wou julle weet van sy voertuig?-- Nee, ek wou nie weet nie, hy wou weet van sy voertuig.

Maar het u vir hom gevra mnr. Barnard asseblief? -- Ek het vir hom gevra, ja. Ek het alreeds vir u gesê wat ek vir hom gevra het, gee my net kans om te antwoord asseblief? Ek het aan hom gevra waarvoor die inligting is, hy het net gesê dit moet opgaan boontoe, hy weet nie hoekom nie. Dit is op 'n "moet weet basis". Ek kan dit net weer vir u op die hart miskien druk.

So hy het hom gemonitor en hy het ook nie geweet hoekom nie? -- Ek glo nie, nee, hy het nie aan my gesê nie.

Maar u het gesê hy het nie geweet hoekom nie? -- Hy het nie aan my gesê hoekom nie.

Het u vir hom gevra? -- Nee.

So u wou weet wie u monitor, maar u wou nie en behalwe in breë trekke dat hy 'n lid van UDF was, maar behalwe dit wou u niks verder weet nie? -- Korrek.

Het u nie gedink dit is belangrik nie? -- Nie vir my be-langrik nie. Dit is sy opdrag en hy moet terugvoering gee en nie ek nie.

Maar op hierdie stadium wil u weer by die BSB aansluit. Is

dit nie so nie? -- Wanneer, nou.

Wanneer u met hom gepraat het? -- Ja, dit is korrek.

En sou u u nie gemoei het met wat hulle besig was om te doen nie? -- Ek sou my bemoei het, maar ek glo nie Calla Botha sou my gesê het nie. As ek hom sekere goed gevra het sou hy dit nie vir my gegee het nie.

Het u nie daardie tipe van ding met hulle bespreek nie?

-- By/...



-- By tye ja, maar sekere tye nie.

En toevallig op daardie tydstip het u dit nou nie met hom bespreek nie?-- Dit was nie vir my van so 'n groot belang nie. Hy het net vir my gesê die man moet gemonitor word, sien watse kar hy ry en so en ek het dit aanvaar so. Hy het gesê dit is 'n UDF-lid, ek was tevrede.

Waarom het jy gedink sou hulle, wou hulle geïnteresseerd wees in die motor wat hy ry? -- Nee, ek kan nie spekuleer nie. Ek kan net ... (tussenbei)

Wat sou die doel daarvan wees mnr. Barnard? -- Miskien om te kyk watter vergaderings hy bywoon, watter mense hy mee kontak maak en deur middel van 'n registrasie vas te stel waar hy woon as hulle nie 'n woonaders gehad het nie.

En Omar het u hom gemonitor? -- Ek het.

Waar was dié? -- In Kaapstad.

Ja, wat was u opdragte gewees? -- My opdragte het van mnr. Van Zyl gekom dat ek mnr. Abdullah Omar moes monitor ten einde te sien wie hom besoek, wie hy besoek, met wie hy kontak maak, watse voertuie hy ry.

Ja, op hoeveel geleenthede het u hom gemonitor? -- Drie geleenthede. Drie geleenthede af Kaap toe, verskillende tye het ek daar gespandeer op sy monitering.

Nou vandat u nou met Van Zyl betrokke geraak het, wie het u almal gemonitor kan u vir ons sê? Ons weet Bruce White is uit die aard van die saak en u sê u het hom op verskeie ge-leenthede gemonitor? -- Korrek.

Vir Bruce White? -- Ja, gedurende dieselfde tydstip. Ek sou sê in 'n tydperk van drie dae was ek drie keer teenwoordig toe hy gemonitor is.

Waar was die geleenthede? -- Wel die geleenthede was, ek

kan/...



kan nie die gebou se naam onthou nie, ek dink dit is in Eloff-straat, by sy werksplek waar Urban Foundation is.

Ja. -- Al drie die geleenthede was toe, was daar.

Wanneer het u vasgestel wat sy motor was, watter tipe motor hy gehad het en wat die registrasienommer was? -- Ek het dit nooit vasgestel nie.

En na Bruce White was daar ander persone wat u gemonitor het? -- Syne was in Junie. Agterna het ek nog weer mnr. Dullah Omar gemonitor.

Ja, so dit was White en toe Omar en toe? -- Dit is al wat ek kan onthou.

VOORSITTER: Het u geld gekry vir die Bruce White monitering? -- Nee, ek het net saamgegaan om die ding meer geloofwaardig te maak dat ons daar staan en gesels op die hoek van die straat.

MNR. LUITINGH: Meer geloofwaardig te maak. Dieselfde twee persone staan op dieselfde straathoek en praat met mekaar drie dae na mekaar? -- U sê op dieselfde straathoek. Hoe weet u ons was op dieselfde straathoek, ons het posisies gewissel.

Wel op die straathoek? -- Korrek, ja. Daar is verskeie hoeke, daar is vier hoeke van die straat.

Ek sien, hy sou dit glad nie agtergekom het nie, maar in elk

geval, mnr. Omar op hoeveel geleenthede het u hom gemonitor, drie geleenthede het u gesê? -- Drie geleenthede wat ek in die Kaap was.

En die ander geleenthede? -- Nee, dit was slegs, wat ek probeer verduidelik hierso is, ek is drie geleenthede Kaap toe, maar as ons vat hoeveel keer ek uitgery het na sy huis toe om te gaan sit en monitor dan is dit verskeie geleenthede of na sy kantore toe.

Ja/...



Ja, meer as dit? -- Ja, baie meer as drie.

Ja en op daardie geleenthede wou julle sien wie hom besoek? -- Korrek, ek wou dit sien.

Notas gemaak? -- Ja, ek het verskeie notas gemaak.

En waar is dié? -- Ek het dit verbrand.

U het dit verbrand? -- Ja, ek het dit verbrand.

Wanneer? -- Die tyd toe die polisie na my gesoek het oor die voorval, toe hulle my koppel aan Acheson in Suidwes.

En u gaan nou vir ons sê dat u kan nie meer onthou wie hom besoek het nie? -- Nee, ek kan dit seker onthou, maar ek gaan nie daardie getuienis openbaar nie, omdat dit moontlik dalk nog van waarde kan wees vir een van die inligtingsin-stansies. Ek kan nie sien dat dit enigsins betrekking hierop het nie.

Maar wie het hom besoek? -- Ek het reeds gesê ek is nie bereid om dit te antwoord nie.

Op watter basis is u nie bereid om dit te doen nie? -- Omdat daardie geprivilegieerde inligting is wat ek gegee het vir die BSB en wat ek nie bereid is om te openbaar nie.

Mr Chairman, with respect, I would suggest that the wit-ness be directed to answer this question.

<u>VOORSITTER</u>: Ek dink nie u kan dit nie op daardie basis weerhou

nie? -- Ek het onder andere 'n registrasie geneem van 'n persoon genaamd Jakes Gervel, wat te doene gehad het met die UDF. Daar was 'n persoon met die van van Oliver, wat 'n blanke persoon was, wie se voertuigbesonderhede ek afgeneem het. Dit is die twee wat ek kan onthou. Die ander kan ek nie onthou nie. Ek het 'n lys van registrasienommers gemaak wat ek ingestuur het.

MNR. LUITINGH: Is daardie twee persone daarna gemonitor? -- Nie/...



-- Nie wat ek van bewus is nie.

Het u met Van Zyl gepraat oor hoekom u vir Omar monitor? Uit die aard van die saak was hy by UDF betrokke? -- Ja, dit is so.

Was dit die rede gewees? -- Hy het vir my gesê dat hy by die UDF betrokke is, maar dat hy verdink word daarvan dat hy te doen het met bomontploffings in die Kaap.

Het julle dit ooit vasgestel? -- Ek het dit nie vasge-stel nie. Ek gaan op wat Slang gesê het.

Dat hy te doen het met bomontploffings in die Kaap?-- Korrek.

So het u dit in 'n redelike ernstige lig beskou? -- Ja, in 'n ernstige lig.

Dit was 'n ernstige opdrag hierdie? -- Dit is reg, ja.

Wat was die BSB se benadering tot die persoon na aan-leiding van ...? -- Ek kan nie sê nie, ek kan net spekuleer.

Maar u was met Slang daar gewees nie waar nie? -- Korrek, op een stadium was hy saam met my daar.

En as hy vir u sê dat hierdie persoon is besig met bom-ontploffings wat sou die benaderings, daar is uit die aard van die saak 'n prioriteitsklas het hy vir ons gesê? -- Op 'n "moet weet basis" het Slang van Zyl aan my gesê dat hy alle moontlike inligting soek met betrekking tot vergaderings wat dié persoon

bywoon, mense wat hy spreek, voertuie wat hy ry, sy ware huisadres en dies meer. Dit het ek vasgestel en aan hom gegee.

En wat het u gedink met die doel om wat te doen? -- Om hom te monitor, te werf, hom om te koop, daar is verskillende moontlikhede.

Om hom dood te maak? -- Ek kan nie sê dat dit 'n

moontlikheid/...



moontlikheid was nie. Ek het hier gesê dat ek geen kennis dra van enige ontwettige of geweldadige optrede deur enige lede van die BSB nie.

Was dit 'n moontlike oogmerk? -- Ek kan nie sê nie, ek kan net spekuleer.

Wel het julle nie so 'n bespreking gehad met mekaar nie? -- Nee, ons het geen so 'n bespreking gehad nie.

Nie met u 'n grap gemaak daaroor nie?-- Hy het met my 'n grap gemaak op 'n stadium ... (tussenbei)

So dan het julle 'n bespreking gehad daaroor? -- Dit is nie 'n bespreking nie, dit is 'n grap, wat ek gesien het as 'n grap en wat ek aanvaar het as 'n grap.

Dit is snaaks dat 'n persoon R50 000 vir jou sou aanbied om Omar dood te maak. Is dit die grap? -- Die grap was as 'n mens na die omliggende omstandighede kyk, ek en Slang van Zyl het informeel verkeer, hy het 'n paar drankies gedrink, ons het so gepraat en toe sê ek vir hom ek sukkel, ek sit partykeer tot 03h00 in die oggend, dit is 'n nie-blanke woon-gebied waar mnr. Omar in bly, ek sit partykeer tot 03h00 in die oggend voordat hy huistoe kom het ek vir hom gesê, ek het gesê ek sukkel met hom. Toe sê hy ag moet nie "worry" nie man, ek gee jou R50 000, jy skiet hom dood en dit is klaar en toe lag hy en toe sê ek vir hom nee, ek skiet nie eers weer iemand met 'n kettie in my lewe nie en toe

lag hy en ek lag en dit is waar dit gebly het. Ek het hom glad nie ernstig opgeneem nie.

Ten spyte van die offer van R50 000? -- Ten spyte daarvan.

Ek is bly u vind dit snaaks mnr. Barnard. Die apie-projek, wat is u houding daaromtrent?

MNR. GOOSEN:/...



MNR. GOOSEN: Mnr. die Voorsitter die getuie se verklaring is baie duidelik. Ek weet nie of mnr. Luitingh die moeite gedoen het om dit te lees nie.

VOORSITTER: Ja toemaar, kom ons ... (tussenbei)

MNR. LUITINGH: U wil nie oor die apie ...? -- Ek wil geen vrae daaroor antwoord nie, aangesien dit my moontlik mag in-krimineer.

Nadat hy vir u gesê het dat daar bomontploffings dalk deur Omar bewerkstellig is, dat hy u R50 000 sou gee om hom dood te maak het u gedink dat die BSB dalk by sulke aktiwi-teite betrokke sou wees? -- Nee.

Het u hom gevra daaroor? -- Nee.

Toe u in die Kaap was, watter ander persoon is u gevra om te monitor? -- Niemand anders nie.

Het u ooit vir Lubowski gemonitor? -- Nee, op geen stadium nie.

Het u enige organisasies daar gemonitor? -- Nee.

Mr Chairman can you just bear with me. Mr Chairman regarding Mr van Zyl's evidence about Lubowski I would just like to look at that at some stage or another, but I will go on. There are some other aspects which I would like to stand over in any event, but I am going to try to finish for the balance - Dit is korrek is dit nie dat u op een of ander stadium Windhoek toe was met u motor? -- Dit is korrek.

En u het, u is daarna in hegtenis geneem. Is dit korrek,

onder artikel 29? -- Ja, 'n geruime tyd daarna.

En u motor het op die Windhoek Lughawe gebly. Is dit korrek? -- Korrek.

En nadat u uit inhegtenisneming uitgekom het, het u nooit die motor gaan haal nie? -- Nee, ek het voordat ek in hegtenis

geneem/...



geneem is my motor al laat haal daar.

Nou hoekom het u dit self nie gaan haal nie? -- Omdat ek 'n bietjie besig was.

U was besig? -- Ja, ek was besig.

Wanneer was dit? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie, ek kan nie onthou nie.

U kan nie onthou wanneer u u motor laat haal het nie? -- Ja, maar ek was nie in hegtenis nie. Dit was na die tyd wat kolonel Jumbo Smit-hulle my gekonfronteer het die eerste keer en ek nie gearresteer was nie, maar ek was wel ondervra.

So na Jumbo Smit u vir die eerste keer gekonfronteer het. -- Korrek.

Wanneer het u 'n verklaring aan Jumbo Smit gemaak? -- Nadat ek 'n geruime tyd onder artikel 29 aangehou was, ek sou sê ongeveer .... (tussenbei)

Nie voordat u onder artikel 29 ...? -- Nee, ek was seker al omtrent twee maande onder artikel 29 aangehou voordat ... (tussenbei)

Voor dit het hy u egter gekontak voordat u onder ...? -- Ja, hier in ek sal sê Augustus,September - nee, September, Ok-tober, einde September, begin Oktober na die Lubowski voorval.

Dit is na die dood van Lubowski? -- Ja, na die Lubowski voorval so ongeveer die einde van die maand.

Het hy u genader en u ondervra? -- Korrek.

En na daardie tyd het u nie weer teruggegaan Windhoek toe nie? -- Nee.

Waaroor het hy u gevra, oor die Lubowski voorval uit die aard van die saak? -- Korrek en my verbintenis met ene Donald Acheson.

Ja, wat toe aangehou is daar op 'n latere stadium, is dit nie/...



nie so nie? -- Korrek.

En so waarom, wat het u op daardie stadium gedoen, dit is nou middel September, begin Oktober, waarmee was u besig? -- Ek het op daardie stadium samesprekings gevoer met verskeie persone dat ons 'n privaat speuragentskap op die been wou bring. Ons het verskeie onderhandelings gehad, beding vir kontrakte. Ons wou nie in die ding ingaan sonder dat ons seker was daar was, soos hulle sê "scope" vir genoeg van ons om dit te doen nie.

En het u toe vir Le Roux gevra om u voertuig te gaan haal? -- Korrek.

Koos le Roux, né? -- Kobus le Roux.

Kobus le Roux en u het vir hom R2 000 betaal om dit te gaan haal? -- Dit is korrek. Sy reiskoste en die res kon hy maar hou.

So dit was redelik belangrik vir u om nie terug te gaan Windhoek toe op daardie stadium nie? -- Vir wie?

Dit was redelik belangrik vir u om nie terug te gaan Windhoek toe op daardie stadium nie?-- Ja, behalwe vir besig-heidsverbintenisse hierdie kant dat ek besig was, wou ek uit die aard van die saak nie soontoe gaan nie.

Ja, u het geweet dat as u teruggaan Windhoek toe en Jumbo Smit hoor daarvan gaan hy u waarskynlik in hegtenis neem? -- Ek het geen rede wat ek sien waarvoor kolonel Jumbo Smit my in hegtenis wil neem nie.

Was dit nie 'n rede nie? -- Nee, dit was nie 'n rede nie.

Ek was nie bang om in enige stadium in hegtenis geneem te word nie. Ek het niks verkeerd gedoen nie.

Is u ooit meegedeel of laat ek, na die Lubowski voorval is u deur enige lede van hierdie sel, spesifiek met betrekking

miskien/...



miskien tot Calla Botha is u ooit meegedeel oor feite aangaande die Lubowski-saak? -- Nee.

Het u dit ooit gesê? -- Die polisie het my op verskeie stadiums tydens my ondervraging sulke ... (tussenbei)

MNR. GOOSEN: Met respek u edele, kan ek net, ek weet die getuie is besig om te antwoord, maar presies dieselfde ding gebeur wat herhaalde male gebeur. Die vrae is suiwer en alleen gebaseer op ondervragings ten aansien van Lubowski en ek moet beswaar maak, alleen in die lig van reëlings wat alreeds gemaak is deur die Kommissie. Die vrae is nou suiwer op Lubowski en ek maak daarteen beswaar.

VOORSITTER: Ja mnr. Luitingh.

MNR. LUITINGH: Soos dit die Kommissie behaag. Mr Chairman, I think I will let this stand over and possibly it might be more fruitful once we have got an answer from the minister and then we can debate it again.

VOORSITTER: Net op die vorige punt, mnr. Van Zyl het vir u gesê dat hy het vir u opdrag gegee om Lubowski te monitor in Kaapstad, ek dink so. Ek weet nie Kaapstad nie, maar hy het gesê hy het vir u opdrag gegee, betwis u dit? -- Ek ontken dit.

MNR. LUITINGH: Aan wie het u Acheson, u het deur Knox by Acheson uitgekom nie waar nie? -- Korrek.

En u het hom gewerf? -- Nee, ek het hom nie gewerf nie.

Maar wat was u betrokkenheid by Acheson gewees? -- Ek het Acheson ook informeel ontmoet deur sersant Knox en ek het met hom

'n bestelling gemaak, ek het aan hom my pager se besonder-hede gegee en ek het met hom 'n bestelling gemaak om hom weer te sien en toe het ek hom op 'n latere stadium weer gesien en dit was informeel gewees.

Vir/...



Vir Acheson? -- Korrek.

<u>VOORSITTER</u>: Wanneer het dit gebeur? -- Dit was ongeveer, ek sou sê dit was die tyd net na ek die probleme opgetel het met die McQuillan-projek. Ek sou sê Maart/April 1989.

<u>MNR. LUITINGH</u>: Wat het u met sy besonderhede gedoen? -- Ek het dit aan Calla Botha gegee.

Het Calla ooit vir jou gesê dat Chap het sy hanteerder geword? -- Nee, ek het nooit weer van hom gehoor of van enige lede van die organisasie wat daarvan geword het nie.

Calla het nie vir u so gesê nie? -- Nee.

If you could just bear with me for a moment Mr Chairman?

U bespreking met Acheson waaroor het dit gegaan toe u hom ontmoet het, waar het u hom ontmoet?-- Daar by Bedford Centre, Bedfordview.

Is dit waar, u het hom daar ontmoet?-- Ek het hom daar ontmoet. Ek het met hom die eerste geleentheid niks bespreek, behalwe baie oppervlakkig vir hom 'n werksaanbod gemaak nie ...(tusenbei)

Ek verstaan nie, ek is jammer? -- Ek het baie oppervlak-kig 'n werksaanbod aan hom gemaak. Ek het aan hom gesê as hy bereid is om te reis kan ek hom moontlik in verbinding met mense sit wat vir hom werk sal gee wat vir hom goed sal betaal en toe sê hy vir my hy is in besit van 'n Ierse paspoort, dit was baie belangrik, want hy het toegang gehad tot al die Afrika-state en so met daardie paspoort onbeperk. Ek het potensiaal in hom gesien en ek het besluit ek gaan nie die ou laat verlore raak nie, ek gaan hom aan iemand anders oorhandig, maar of hy ooit gebruik was kan ek nie

sê nie.

Het hy vir u gevra, want u het nou twee dinge genoem, naamlik dat as hy bereid was om te reis en of hy 'n Ierse

paspoort/...



paspoort gehad het, het hy vir u gevra in watter tipe werk sou ek hierdie twee benodighede moes gehad het? -- Ja.

Het hy verder daaroor uitgevra? -- Ja, hy het my gevra by die tweede geleentheid. Ek het aan hom geantwoord dat die mense met wie ek hom in kontak sal sit is 'n konsortium besig-heidsmanne wat baie ekonomiese belange het wat biljoene rande beloop in die Republiek en in Afrika-state en dat daar sekere organisasies en mense is wat die ekonomie saboteer wat veroor-saak dat hierdie besigheidsmanne groot verliese ly en hulle wil nou inligting inwin met betrekking tot hierdie organisasies wat die ekonomie saboteer sodat hulle kan 'n tipe van "one step ahead" wees. Dit is wat ek aan hom gesê het.

Het hy vir u gesê wat hy voorheen gedoen het? -- Ek het hom uitgevra oor sy agtergrond, hy het aan my sy agtergrond die afgelope 12 tot 15 jaar het hy aan my mondelings oorgedra en later op skrif gestel.

Rofweg wat was dit? -- Hy het gesê dat hy die meeste van die tyd 'n huursoldaat was, dat hy in die Kongo gedien het onder 'n sekere Angolese kaptein, dat hy "bounty hunting" gedoen het in Amerika en dat hy (?) "sharking" gedoen het in Chicago, dat hy in die Kongo was, 'n rebel in die Kongo ... (tussenbei)

"Bounty hunting"? -- Korrek.

Dit is wanneer sekere persone dan sogenaamde kopgeld kry vir die doodmaak van ander persone? -- Nie net vir die doodmaak nie, sommer vir die opspoor en arrestasie.

O-ja, dit is reg. -- Onder andere.

Onder andere doodmaak? -- Ja, doodmaak ook.

So mnr. Acheson sê vir jou dit het hy onder andere gedoen? -- Korrek. Hy het ook aan my gesê dat hy te doen

gehad/...



gehad het met die Irish Republic and Army, dat hy kontak gehad het met die "Green Berets" en met die Rhodesiese "Special Forces" in die verlede.

En sy gegewens het u gegee aan Calla Botha? -- Korrek.

Is u ooit meegedeel of hy aanvaar is in 'n betrekking? -- Ek het nooit weer van hom gehoor nie. Daar is niks ooit weer ... (tussenbei)

Het u met Calla daaroor gepraat? -- Calla was op 'n stadium, kort daarna op die ys geplaas as gevolg van die Bruce White voorval en ek dink voor dit ook was hy ook op die ys en hy het 'n probleem gehad. Hy het by my gekom en toe sê hy vir my hy weet nie, hy kom nie lekker reg nie. Die ouens behandel hom nie soos hy graag behandel wil word nie, hy is ongelukkig. Hy het nie met my enige detail daaroor ooit weer bespreek nie.

Maar het u vir hom gesê wat van daardie pesoon wat ek na jou verwys het, het dit enige vrugte afgewerp? -- Ek het hom nooit weer dit gevra nie. Dit is 'n tipe van 'n onetiese vraag om te vra in die BSB, vir hom te sê hoor hier, gebruik jy daardie ou nou of wie gebruik hom, daardie tipe van ding. Hy sou my nie geantwoord het in elk geval nie.

Maar hy kan vir jou sê wie monitor hulle en waarom word 'n persoon gemonitor al is u nie betrokke by die projek nie. Dit kan hy vir u sê? -- Ja, hy het dit gesê op daardie geleentheid.

Het hy op 'n ander geleentheid ooit vir u gesê? -- Hy het een of twee keer aan my genoem dat hy moontlik met sekere goed gewerk het.

Ja, julle mense het onder mekaar gepraat, uit die aard van die saak. Is dit nie waar nie? -- Partykeer, ja.

Is u ooit meegedeel dat Acheson betaal was vir enige werk wat/...



wat hy gedoen het? -- Nee, ek is nooit dit meegedeel nie.

MNR. GOOSEN: Met respek u edele, ek wil nie onnodig my geleerde vriend in die rede val nie, maar daar is geen suggestie voor hierdie Kommissie tot op datum, geen aandui-ding deur my geleerde vriend dat hy getuienis gaan aanbied dat Donald Acheson betrokke was by politieke gewelddade binne die Republiek van Suid-Afrika nie. Dit is algemene kennis dat hierdie persoon in Namibië vir agt maande aangehou is vir die moord op Anton Lubowski en dat die staat die saak teruggetrek het by 'n gebrek aan getuienis. Die laaste kwart uur is my geleerde vriend toegelaat om enkel en alleen vrae oor hierdie Donald Acheson te vra. Ek maak op dieselfde grondslag as tevore weer eens beswaar hierteen. Dit lei nêrens heen nie. Dit lei nêrens heen binne die raamwerk van hierdie Kommissie nie.

MR LUITINGH: Mr Chairman, what is being established here is that this witness is the person that contacted Acheson. He already told us now in substantial detail which I think must be relevant for the Commission what kind of human being Acheson was, what he had done before and one would assume that he would have knowledge about the kind of work that Acheson would have done. It does not necessarily relate to Namibië or his South West African activitis. It is also true that he and the other members of the BSB did discuss matters with one another. So if I ask him whether or not he is aware of any other activities of Acheson or whether he knows that a particular aspect transpired with Acheson it does not neces-sarily connect to his South West African .... this man knows

Acheson, he knows what happened with Acheson and with respect I think I am entitled to ask him questions about what he knows

about/...



about Acheson.

CHAIRMAN: Let me handle it. Weet u of Acheson namens BSB enige werk verrig het voor sy arres in Suidwes? -- Nee, ek weet nie.

Het niemand dit met u bespreek nie? -- Niemand het dit ooit aan my gesê of dit met my bespreek nie.

MNR. LUITINGH: Het u ooit gehoor van 'n persoon met die naam van Numoller? -- Ja, ek het.

In watter konteks sê vir die Kommissie? -- Die polisie se ondersoekspan het my ondervra of ek 'n persoon ken met die naam van Johannes Numoller, vermoedelik van Krugersdorp waarop ek nee geantwoord het, ek ken nie so 'n persoon nie.

Is dit die enigste ...? -- Dit is al wat ek kan onthou, ja.

Die naam André van Staden, beteken dit enigiets vir u? -- André van Staden?

Ja òf as 'n kodenaam òf as 'n persoon? -- Nee, ek het partykeer die alias gebruik, Andrew van Staden as ek by 'n hotel ingeboek het.

Die projekte dus wat Louis vir u gegee het, u het reeds vir ons gesê ek is jammer om terug te gaan na die aspek toe, u het reeds vir ons gesê dat u het slegs kanale ondersoek met betrekking tot aktiwiteite in die buiteland. Is dit korrek? -- As ek u mag verwys na my verklaring, ek het gesê my hoofopdrag was om met persone in die onderwêreld in verbinding te tree wat toegang het tot die buiteland met die oog op optrede in die buiteland teen vyande van die Republiek. Ek het ook ander opdragte ontvang wat meer administratief gerig was en soos daar nou later aan, die monitering van daardie persoon wat ek reeds oor getuig het.

Het/...



Het u ooit vir Acheson aan Louis genoem? -- Nee.

Het Louis ooit vir u opdragte gegee met betrekking tot Acheson, het hy hom ooit vir u genoem? -- Nee, hy het nooit, enigiets ... (tussenbei)

Nooit vir u vertel van Acheson hoegenaamd nie? -- Nee, hy het nie.

Mr Chairman, I am at the stage where I would like to deal with, if you just bear with me for a moment, I would like to deal with the statements that are made, obviously I would like to have insight in the statements and we are going to be get-ting an answer. So for the rest I am nearly finished with my cross-examination of this witness. Can I just ask that that aspect be held over until such time as we have got finality on it.

CHAIRMAN: It depends firstly what the answer is.

MR LUITINGH: Depending on what the answer is and then I would just also like to research quite thoroughly, even you have asked him the question of Van Zyl's, but that is a five minute exercise what Van Zyl's evidence was about this witness monitoring Lubowski. If you just bear with me? That is exhausted. Apparently my learned friend, Mr Marais, says that Van Zyl did say to him that he should monitor him and he has now denied it. So it appears as if there is nothing.

CHAIRMAN: I do not think there is much in that.

MR LUITINGH: So if only ... (intervenes)

CHAIRMAN: No, I have found my note on that. Kan ek hoor, die advokaat het netnou gesê dat u kan in 'n enkele sin antwoord op addisionele inligting wat vervat is of bewerings wat vervat is in die artikel 29-verklarings. Wat is daardie enkele sin? -- Ek sal dit nou seker nie in 'n enkele sin kan

doen nie, maar ek sal graag 'n verduideliking gee. U sien die artikel 29-verklaring soos ek in my getuienis-in-hoof gesê het op vrae van mnr. McNally, soos al die advokate weet is ek van my swygreg ontneem. Dit is 'n onmenslike tipe aanhouding, maar ook nodig in sekere gevalle. Ek sê nie dit is 'n ding wat nie moet toegepas word nie. Ek het bloot inligting wat vir my gevoer was, dinge wat ek gelees het, dinge wat ek van gehoor het, dinge wat ek self geweet het, ek het dit gevat toe ek sien die druk raak te erg en ek het 'n storie gefabriseer. Ek het 'n verklaring geweef daarvan, waarvan omtrent nie 'n woord geglo kan word nie. Sommige van die goed is die waar-heid, die meeste van dit is onsin, wat ek daar vir die polisie gesê het. Die rede was dit, van dag een af, van die eerste dag af is ek, tot die volgende oggend na my arrestasie, tot die volgende oggend 02h00 ondervra in 'n marathonsessie, wat van dag een af voor my kop gegooi is ek werk vir Spesiale Magte of ek werk vir Militêre Intelligensie of Nasionale Intelligensie. Ek het volstaan by die storie van die kon-sortium besigheidsmanne wat ek nou-nou hier oor getuig het, ek het dit ook vir die polisie vertel. Hulle het druk op my gesit van dag een af, elke dag, by tye sewe ure tot nege ure aanmekaar wat drie, vier persone my ondervra van alle kante af en dit is duidelik aan my gestel dat ek op geen stadium losge-laat sal word voordat hulle nie van my af 'n storie het nie. Ek het aanvanklik geweier om enige verklaring te maak, om enige staatsbetrokkenheid te erken en ek het nog steeds ge-voel wat ek gedoen het is reg. Ek het niks gedoen wat 'n veiligheidspolisieman nie doen nie en toe sien ek maar die houding hierso is niemand gaan my help nie, die mense gaan my nie los nie totdat ek nie vir hulle een of ander tipe

verduideliking gee nie en uit feite waarmee ek gekonfronteer was, dinge wat ek in die koerante gelees het, dinge wat ek van ander mense af gehoor het en die meeste inligting wat vir my gegee was waarmee ek gekonfronteer was van die Suid-Afrikaanes Polisie self af, het ek 'n eerste verklaring uiteengesit waarin ek 'n storie vertel het. 'n Storie wat baie goed sou klink en 'n storie wat hulle moontlik sou tevrede stel om my dan te laat los. Ek het gedink dit gaan werk op een stadium en toe sien ek nee, hulle is nog nie tevrede nie, hulle het klaarblyklik meer inligting tot hulle beskikking as wat ek gedink het. Ek is toe weer gekonfronteer, ek is toe weer op allerhande maniere beïnvloed en daar is weer druk op my geplaas en toe lê ek 'n tweede ver-klaring af waarin ek 'n bietjie meer die waarheid praat,maar nog baie leuens vertel en toe is ek op 'n stadium genader oor my verbintenis met sekere persone en toe het ek 'n derde ver-klaring afgelê en ek het later 'n vierde verklaring afgelê. So wat ek eintlik vir die Kommissie wil sê is dat mnr. Luitingh en ander persone moet maar nie te veel hulle steur aan die artiel 29-verklarings nie. Ek het dit onder druk gedoen. Ek het dit gedoen onder uiterste dwang, want artikel 29 volgens my is uiterste dwang. Ek het 23 uit 24 uur in 'n drie by drie meter sel gesit sonder 'n boek om te lees, sonder om persone te sien sonder enige kontak met die buitewêreld te hê en ek sou enigiets doen om daar uit te kom.

Op 'n stadium het ek aan die ondersoekbeampte, adjudant-offisier Rossouw, gesê, toe ek sien ek kan hulle nie tevrede stel met wat ek ookal doen nie, toe sê ek vir hom gee my nou 'n stuk papier dan gee ek jou 'n beëdigde verklaring nou ek het David Webster doodgeskiet en ek het Anton Lubowski doodgemaak. Ek wil jou

nou 'n beëdigde verklaring gee, die rede hoekom ek dit gedoen het, ek was bereid om so 'n verklaring te maak onder eed, artikel 29 was net om die druk op myself te verlig om te dink, okay, dan gaan hulle vir my vat, hulle gaan vir my aankla op daardie besonderhede en ek gaan voor 'n hof kom en ek gaan vir die hof sê kyk, dit is die enigste manier hoe ek uit die sel uit kan kom en dit is hoekom ek die verklaring gemaak het.

En toe wat sê hy? -- Toe sê hy vir my hoekom wil ek dit nou doen, het ek daardie moorde gepleeg en toe sê ek nee, maar dit is die enigste uitweg wat ek sien, ek gaan op geen ander manier hier uitkom nie. Dit is wat jy wil hê, jy wil die moordenaar van Lubowski hê en die moordenaar van David Webster hê nou hier gee ek hom nou vir jou. Al wat ek wil doen is, ek wil hier uitkom dat ek vir die hof kan gaan vertel ek weet niks van hierdie goed af nie en toe weier hy om so 'n verklaring van my te neem. Die ondersoekbeamptes het by my gekom op 'n stadium na my aanhouding en aan my gesê en daar sluit ek brigadier Mostert in en almal behalwe generaal Joubert, het aan my kom sê dat ek is 'n politieke speelbal. Hulle het niks om vir my verder te vra nie, hulle het geen verdere vrae om aan my te stel nie, geen verduidelikings nie, hulle is dood tevrede, al hulle ondersoeke dui negatief op my betrokkenheid by enige onwettige of geweldsdade, maar ek is 'n politieke speelbal. Sekere ministers wil my vrylating teken, ander ministers wil my vrylating nie teken nie. As die ge-tuies moontlik geroep word sal hulle vir u sê dat ek party dae hulle gevloek het dat die see hulle nie kan afwas nie, in-sluitende die generaal omdat ek desperaat was, omdat ek onder druk verkeer het en so meer en ek wou net daar uitkom en ek het gesien, maar dit maak nou nie saak wat gebeur nie, ek gaan

nie/...

nie hier uitkom nie en dan volgens my het brigadier Mostert leuens gaan aanvoer om my binne te hou en ek kon nie sien wat die rede daarvoor was nie. So wat die artikel 29 verklarings aanbetref glo ek die Kommissie, wil ek vra moet hulle hulle nie eers daaraan steur nie, want driekwart daarvan of 90% daarvan is vals.

MR PRETORIUS: Yes, Mr Chairman, I would also like an opportunity to put one or two questions, but after the decision on the Section 29 statements has been made, but in the meanwhile is it possible for us to have sight of the diary that was produced during the cross-examination of Brigadier Mostert.

CHAIRMAN: The diary?

MR PRETORIUS: Yes.

MNR. GOOSEN: Mnr. die Voorsitter kan ons net daaroor 'n besluit neem op 'n stadium?

VOORSITTER: Wel dit is gestel aan die getuie so u behoort ten minste daardie bladsye ... (tussenbei)

MNR. GOOSEN: Die bladsye kan hulle kry. Daar mag sensitiewe inligting van die aanhouding in dit voorkom wat mnr. Barnard nie wil openbaar nie.

MR PRETORIUS: Mr Chairman, I am sorry, according to this wit-nesses last statement it does not seem to be a possibility of anything sensitive being in that diary. In so far as that diary constitutes a record of the interrogation under Section 29 we are entitled to see it, especially in the light of this witness's current statement.

CHAIRMAN: Well, as a matter of fact the old Section 29 pro-ceedings have been introduced in a slightly incorrect or improper manner into this Commission under the present

circumstances/...

circumstances and until the statement is available to the witness I think it would not be right to hand his, to get hold of his diary.

MR PRETORIUS: I understand that point, that is a slightly separate point, but there are two points that perhaps should be made. One is that I do not think it would be fair to regard the contemporaneous record of this particular witness as a statement obtained in terms of section 29 and therefore covered by ... (intervenes)

CHAIRMAN: No, I appreciate that.

MR PRETORIUS: And the second point is that may then involve giving us an opportunity to study that diary rather than give it to us at the time where we are then required to cross-examine, subject to that ... (intervenes)

CHAIRMAN: No obviously, but it depends on whether we get the 29's or not and when we get them.

MR PRETORIUS: Well Mr Chairman, especially if we do not get the section 29 statements the importance of that contem-poraneous reports may be increased.

VOORSITTER: Kan ek u die volgende vra, het u u dagboek by u? -- Mnr. die Voorsitter ek het hom beskikbaar in 'n briewetas van my hier onder in my voertuig.

Nou watse tipes notas is daarin, in daardie dagboek? -- U sien ek het hierdie dagboekie ingesmokkel op 'n stadium tydens my aanhouding onder artikel 29 en dit is nie van die begin af bygehou nie en ek moes hom op 'n stadium bekom, want ek het gesien ek gaan op geen manier hier uitkom nie en wat ek wou doen, omdat ek dit heeltyd deur die ondersoekspan voorgehou was dat ek nie vrygelaat sou word voordat hulle tevrede is nie, toe het ek gedink hierdie mense gaan my ses maande

aanhou/...



aanhou en dan gaan hulle my los vir 'n dag of twee en dan gaan

hulle my weer vat onder ses maande soos wat artikel 29 blyk-baar toegepas kan word, ek is nie heeltemal op hoogte nie, dan sou ek moes redes aanvoer hoekom ek wou vrygelaat word en die Suid-Afrikaanse Polisie sou moes redes aanvoer waarom my voortgesette aanhouding noodsaaklik sou wees. Nou ek wou toe op daardie stadium bewys dat ek glad nie meer op 'n daaglikse basis of eers gereeld ondervra word nie. Ek het toe besluit om op 'n daaglikse basis aan te teken wie ek sien van die ondersoekspan, of hulle my ondervra of nie dat ek dit kan aanwend wanneer hulle my voortgesette handelinge na hierdie eerste ses mande wil probeer motiveer wou ek dit tipe van "counter". Dit is die rede waarom ek hom gehou het. Ek het hom maar vir ongeveer amper 'n maand sou ek sê bygehou en toe hoor ek die dag voor my ontslag ek gaan ontslaan word en toe het ek opgehou om die boekie by te hou, maar ek het geen beswaar as dit verskaf word nie.

VOORSITTER: Wanneer is u ontslaan?-- Op 14 Februarie 1990.

Ek sien, so as die getuie nie beswaar het nie, dan kan u nie beswaar opper nie. So sal u dit miskien net aan die be-amptes van die Kommissie besorg dat daarna ingegaan kan word?

MR LUITINGH: Mr Chairman, before another, there is just one question that I would like to ask if I may - Ek wil net ten opsite van mnr. Willie Smit, in daardie aspek wat ek onder-vra het, het u hom op 1 Mei gesien? -- Vir mnr. Willie Smit?

Ja. -- Ek glo nie. Ek kan nie onthou nie, maar ek glo nie.

Maar dit is moontlik? -- Nee, ek dink dit is amper on-moontlik.

Sê u nee? -- Ja, want omdat dit 'n werkersdag is,

normaalweg/...



normaalweg spandeer ek 'n dag soos daardie, dan gaan ek die oggend en dan hardloop ek lekker ver en dan spandeer ek die dag by my huis.

So u het hom nie gesien op die 1ste nie? -- Ja-nee, ek kan met redelike sekerheid sê ek het hom nie gesien nie.

MNR. GOOSEN: Mnr. die Voorsitter, kan ek net iets sê wat die 29's aanbetref, dat dit darem net op rekord kom dat hierdie getuie, mnr. Barnard beweer hy het so ongeveer vier ver-klarings gemaak, kan ek net sê dat hy alle verklarings wat hy gemaak het tot nou toe, na sy aanhouding, gemaak het sonder insae in die 29's verklarings en dat hy self of sy regs-verteenwoordigers nooit insae in daardie verklarings gehad het nie. Derhalwe plaas ek ook op rekord dat hy bereid was om te getuig voor die Kommissie en gekruisverhoor te word sonder dat hy self of sy regsverteenwoordigers ooit die geleentheid gehad het om enige van daardie vier verklarings te sien. Ek wil dit net op rekord plaas.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 16 MEI 1990 OM 10H00.

---oOo---

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Harms Commission of Inquiry**
*Location:-*
**©1990**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.